

Pretoriana



TYDSKRIF VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

VERSKYN IN APRIL, AUGUSTUS EN DESEMBER


MAGAZINE OF THE OLD PRETORIA ASSOCIATION

PUBLISHED IN APRIL, AUGUST AND DECEMBER

Republiekfeesuitgawe

Republic Festival Edition

Prys : 25c : Price



Met erkenning aan Boëseken e.g se Geskiedenis-Atlas vir Suid-Afrika. Nas. Pers. Bnk., Kaapstad 1984.

INHOUD/CONTENTS

- DR. N. A. COETZEE:
Voorwoord/Preface.
- PROF. DR. F. J. DU TOIT SPIES & DR. M. C. VAN ZYL:
Die republikeinse strewe in die geskiedenis van Suid-Afrika.
- DR. JAN PLOEGER:
Kommandant-generaal A. H. Potgieter.
- PROF. DR. F. A. VAN JAARSVELD:
Kommandant-generaal A. W. J. Pretorius.
- DR. JAN PLOEGER:
President J. P. Hoffman.
- PROF. DR. F. J. DU TOIT SPIES:
President J. N. Boshof.
- DR. M. C. VAN SCHOOR:
President J. H. Brand.
- PROF. F. J. DU TOIT SPIES:
President F. W. Reitz.
- PROF. F. J. DU TOIT SPIES:
President M. T. Steyn.
- PROF. DR. W. J. DE KOCK:
Administrateur N. C. Gey van Pittius.
- ANONIEM:
President L. J. Meyer.
- MNR./MR. W. S. ROBERTSON:
President S. Parker.
- PROF. DR. W. J. DE KOCK:
Administrateur G. J. van Niekerk.
- PROF. DR. F. A. VAN JAARSVELD:
President M. W. Pretorius.
- MNR./MR. H. M. REX:
President W. C. Janse van Renseburg.
- DR. M. C. VAN ZYL:
President T. F. Burgers.
- DR. J. I. RADEMEYER:
President S. J. P. Kruger.
- MNR./MR. JANNIE KRUGER:
Staatspresident C. R. Swart.

VOORWOORD.
DIE REPUBLIKEINSE STREWE IN DIE GESKIEDENIS VAN
SUID-AFRIKA.

VOORWOORD — PREFACE

Vir my is dit 'n voorreg en eer om die *Republiekfeesuitgawe* van *Pretoriana* namens die Genootskap Oud-Pretoria aan sy lede en die hele volk van Suid-Afrika aan te bied.

Die Genootskap deel in die volksvreugde wat spruit uit die besef dat die Republiek van Suid-Afrika die volmaking is van die republikeinse strewe wat sedert die volksplanting op 6 April 1652 in die volkslewe uiting gevind het.

Die vryheidsgees het dan ook die historiese bestemming van die volk van Suid-Afrika deur meer as drie eeue gerig — dit was die rigsnoer in die lewe van die eerste vryburgers, die pioniertrekboere, die Groot Trek-gemeenskap en die republieke wat op verskillende tye en plekke so spontaan in ons vaderland ontstaan het.

Dit is 'n pragtige ingewing om hierdie uitgawe van **Pretoriana** aan die herinnering te wy van al die Suid-Afrikaanse republieke en presidente wat die weg gebaan het vir die huidige Republiek van geheel Suid-Afrika. Die artikels oor die minder-bekende en minder-belangrike presidente is grotendeels die vrug van oorspronklike geskiedkundige navorsing. Dat dit in verhouding met die ander artikels meer ruimte in beslag neem, sal dus verskoon word. Die te boekstelling van hierdie onbekende feitemateriaal oor leiersfigure in die volksgeskiedenis is 'n paslike bydrae in hierdie heuglike fees.

Hierdie uitgawe het as basis gedien vir die publikasie van die gids vir die uitstallings oor die presidente van die republieke van Suid-Afrika wat gedurende die feesgety in Pretoria te sien sal wees. Die hartlike samewerking wat verkry is van mev. Kotie Roodt-Coetzee, Direktrise van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, wat die uitstallings reël, word met waardering vermeld. So lewer die Genootskap Oud-Pretoria 'n verdere bydrae tot die Republiekfees.

'n Woord van besondere dank aan die Redaksiekomitee, bestaande uit mnr. Hermann Rex, die Redakteur, prof. dr. F. J. du Toit Spies en mnr. W. S. Robertson. Die geskiedskrywers word bedank vir hulle skeppende werk. Ons dank ook aan dr. M. C. van Zyl vir die aandeel wat hy in die voorbereiding van hierdie uitgawe gehad het.

The Old Pretoria Society was founded on 22nd March, 1948. *PRETORIANA* has appeared since 1951. Pretoria has proved to the other towns in South Africa that a local historical society can be a success and can do its share to preserve our cultural heritage.

The mutual respect between the English- and Afrikaans-speaking

sections of our community is promoted by an historical society. Besides the wealth of material presented in its journal, it fosters goodwill in the hearts of our people. This can be considered a national asset in our beloved fatherland.

This is a special edition of *PRETORIANA* appearing on a very special occasion. The fifty issues that have appeared so far are considered *Africana* of the first order and serve as an invaluable source of historical information about the capital of the Republic of South Africa.

DR. N. A. COETZEE,
Voorsitter, Genootskap Oud-Pretoria.
Chairman, Old Pretoria Society.

DIE REPUBLIKEINSE STREWE IN DIE GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA

Herkoms van die strewe.

NOU DAT die Republiek van Suid-Afrika vyf jaar oud geword het, is dit seker nie onvanpas nie om weer eens na te gaan wat alles bygedra het tot die verwesenliking van die republikeinse ideaal op 31 Mei 1961. Wat hier volg is slegs 'n historiese oorsig.

Algemeen word aanvaar dat die republikeinse gedagte in Suid-Afrika van tweërlei oorsprong is. In die eerste plek was daar die Nederlandse agtergrond. Gedurende die hele Kompanjiestydperk aan die Kaap was Nederland 'n republiek. Die voorstelling wat die koloniste van hulle moederland in hulle omgedra het, was dus dié van 'n republiek, en daarby het die koloniste na mate hulle meer verteenwoordiging op regeringsliggame gekry het, kennis gemaak met sommige van die demokratiese beginsels wat eie aan die Nederlandse Republiek was.

In die tweede plek het die voorbeeld van die Republiek van die V.S.A., gestig in 1787, ongetwyfeld ook die gedagtegang van die Kaapse koloniste beïnvloed. Voeg hierby nog die idees van Volksoewereiniteit, Vryheid en Gelykheid, wat vanuit die rewolusionêre Frankryk oor die hele wêreld uitgedra is en ook in die Kaap weerklank gevind het. Soos in Nederland was daar teen die einde van die agtiende eeu ook 'n Patriotte-beweging aan die Kaap.

Die Kaap het in die laaste twee dekades van die agtiende eeu nogal heelwat beroeringe beleef. Petisies en verhoë, en selfs opstande, was voortdurend in die lug. Tog moet goed begryp word dat dit geen verset teen

die Nederlandse Republiek ingehou het nie, maar veeleer gerig was teen die korrupte Verenigde Oos-Indiese Kompanjie, wat feitlik op sy laaste bene gestaan het. So was die sogenaamde „Republiek” van Graaff-Reinet en Swellendam (1795) nooit republiek nie en ook nooit as republiek bedoel nie. Onafhanklikheid, los van Nederland, is nooit nagestreef nie. Wanneer albei die distrikte dit by verskillende geleenthede as hulle strewe uitspreek om „onder een Vrije Republiek te sorteer”, het hulle daarmee bedoel die vrye Republiek van Nederland. Tog getuig dit van ’n mate van selfstandigheid, wat veral tot uiting kom toe die twee distrikte later in 1795 weier om aan die Engelse invaller te kapituleer.

Daar is ’n direkte verband aan te toon tussen die Patriotte-beweging aan die Kaap en die Voortrekkerrepubliek wat in die dertiger- en veertigerjare van die negentiende eeu vorm aanneem. Die Groot Trek was ’n vryheidsbeweging en die vrye state wat tot stand gekom het, het vanselfsprekend ’n republikeinse vorm aangeneem. Daar was geen ander alternatief nie. In der waarheid het die onafhanklikeidsgedagte en die republikeinse ideaal eers met die Groot Trek na vore getree toe duisende landverhuisers hulle ten doel gestel het om die Britse bestuur van die Kaapkolonie af te skud en in die binneland onafhanklikheid te vind. Die trek-groep was egter nie eensgesind oor die trekrigting nie. Sommige het die Drakensberg oorgesteek; ander het wes daarvan gehou, en so in verskillende gebiede tot rus gekom. Gevolglik is dit begryplik dat daar verskeie staatjies ontstaan het — almal met ’n republikeinse inslag — wat eers later tot groter eenhede saamgebind is.

* * *

Die republiek in Natal.

Die Voortrekkers wat die Drakensberg oorgesteek het, het na baie ontberings en hewige botsings met die Zoeloes (Retiefmoord, Bloukrans, Italeni, Bloedrivier) die Republiek Natalia in 1839 gestig, met as grense die Swart Umfolozi, die Drakensberg en die Umzimvubu. ’n Verkose Volksraad van vier-en-twintig lede met ’n Voorsitter, ook „President” genoem, was die hoogste gesag, maar die uitvoerende funksie daarvan was hoofsaaklik in die hande van Andries Pretorius, wat as Kommandant-generaal en militêre hoof ’n permanente posisie beklee het. Hy het eintlik die funksie van Staatshoof vervul.

Hierdie eerste Voortrekkerrepubliek het nie vir lank bestaan nie. Die Britse owerheid aan die Kaap was nie daarmee gediend dat so baie van sy onderdane met die Groot Trek die Kolonie verlaat het nie. Pogings om die Groot Trek te keer of die landverhuisers te laat terugkeer, het egter misluk. So is die hawe van Port Natal van Desember 1838 af vir ’n jaar lank met ’n troepemag beset om te verhoed dat die Voortrekkers voorrade van skepe kry. Vervolgens is Port Natal in Mei 1842 weer eens deur ’n Britse mag onder kaptein Smith beset.

Andries Pretorius het die Britse besetting met ’n kommando teen-

gegaan en die troepe van Smith na 'n skermutseling by Congella, 23 Mei 1842, beleër. Dick King ontsnap egter om hulp te gaan soek, waarna twee Britse skepe opdaag en Smith ontset. Verdere verset was nutteloos en op 15 Julie 1842 onderwerp die Volksraad hom aan Britse gesag. Talle Voortrekkers het Natal hierna verlaat. Op 12 Mei 1843 het Natal 'n Britse kolonie geword en in Desember 1845 het die eerste Luitenant-goewerneur, Martin West, die nuwe bewind ingelui. Tot en met West se koms het die Volksraad nog in samewerking met die Britse bevelvoerder gefunksioneer, dog daarmee het alle Voortrekkerinstellings verdwyn. Teen die einde van 1847 het die meeste Voortrekkers onder leiding van Andries Pretorius Natal verlaat.

Onder hulle was daar 'n groepie afkomstig van die Klipriviergebied, geleë tussen die Buffels- en Tugelarivier, wat vir 'n kort tydjie 'n onafhank-



A. T. SPIES

like staatjie was. Dit het so gekom: Hoewel die Klipriviergebied volgens 'n traktaat wat Henry Cloete na die aaneksasie van Natal met Zoeloeopperhoof Panda gesluit het, deel van Natal was, het Panda dit blykbaar nie erken nie en die Boere van die gebied gemolesteer. Toe die Natalse regering hulle geen hulp wou verleen nie, het die Boere direk met Panda onderhandel en die gebied vir 1,000 rixsdalers van hom gekoop. So word dan in Mei 1847 die onafhanklike Kliprivierstaatjie gestig met A. T. Spies as Leier en Kommandant. Luitenant-goewerneur Martin West was nie hiermee gediend nie; hy laat Panda 'n verklaring onderteken dat die Klipriviergebied aan Natal behoort en eis in Oktober 1847 'n eed van trou aan die Britse kroon van die inwoners daarvan. Die meeste van die Kliprivierboere het die gebied daarop verlaat en so is die staatjie gesmoor voordat dit op dreef gekom het.

* * *

Republikeinse staatsvorming wes van die Drakensberg.

In die Wes-Drakensbergse gebied het die eerste pogings om 'n staatsorganisasie te stig, eers deur Andries Hendrik Potgieter en Gerrit Maritz in 1836 en toe deur Piet Retief en Maritz in 1837, weer vervaag namate die Trekkers verder en uitmekaar getrek het. In die Winburg-gebied het egter Trekkers agtergebly en hulle aanvanklik as deel van die Moorivier-nedersetting beskou, waar Potgieter in 1838 met Potchefstroom as sentrum 'n onafhanklike staat gestig het. Later is Potchefstroom-Winburg met 'n Adjunkraad met die Republiek Natalia verenig en het daar in der waarheid net een Voortrekkerrepubliek bestaan. 'n Poging van Voortrekkerleier Jan Mocke om die gebied ten suide van Winburg en benoorde die Oranje in die geheel opgeneem te kry, het nie geslaag nie weens die houding van die lojale Trekboere en die inmenging van die Kaapse Goewerneurs.

Met die Britse verowering van Natal het Potgieter en sy Raad alle bande met Natal verbreek. Ook hy probeer in 1844 die suidgrens van Potchefstroom-Winburg na die Oranjerivier uit te skuif, maar die inmenging van die Kaapse bewind deur sluiting van verdrae met die Griekwas en Basoeto's, en die vestiging van 'n Britse Resident op die pasgestigte Bloemfontein in 1846, het hom laat besluit om liever weg te trek.

In 1845 verhuis Potgieter met 'n klompie volgelinge na Oos-Transvaal, waar Ohrigstad aangelê word. Die verhuising het egter nie beteken dat Potgieter die Potchefstroom-Winburg-gedeelte van die Voortrekkerstaat prysgegee het nie. Dit was slegs 'n verskuiwing van die hoofsetel na Ohrigstad. Hier het Potgieter in botsing gekom met die groep wat Natal na die anneksasie verlaat het en onder leiding van Jacobus Burger geredeneer het dat die Natalse Volksraad nooit ontbind het nie en net so in Ohrigstad voortgesit kon word. Spanning en rusie het gevolg; vir 'n tyd was daar selfs twee regerings te Ohrigstad. Eindelik het Potgieter die stryd gewonne gegee en met sy volgelinge na Zoutpansberg verhuis. Hier het hy weer 'n republikeinse gemeenskap onder eie bestuur gestig. Die Wes-Drakensbergse Voortrekkerstaat het geskeur.

'n Verdere terugslag het gevolg toe goewerneur sir Harry Smith in Februarie 1848 die gebied tussen die Oranje- en die Vaalrivier onder die naam Oranjerivier-Soewereiniteit geannekseer en daarmee Winburg afgesny het. Gewapende verset onder Andries Pretorius, wat hom intussen aan die Magaliesberg gaan vestig het, het op 29 Augustus 1848 by Boomplaats misluk. Slegs die Oorvaalse gebied was vir die Voortrekkers oor en hier was daar drie duidelike geografies-politieke groepe: Wes-Transvaal (Potchefstroom) onder Andries Pretorius, Noord-Transvaal (Zoutpansberg) onder Potgieter, en Oos-Transvaal (Lydenburg) — Ohrigstad is weens die koors ontruim — onder 'n eie Volksraad.

Die Transvaalse Trekkergemeenskap het egter die noodsaaklikheid ingesien om hulle geleedere te sluit en 'n eenheidstaat te bewerkstellig. So het in 1849 wel 'n vereniging tussen Potchefstroom en Lydenburg tot stand gekom, maar Zoutpansberg was afsydig. Pretorius en Potgieter kon mekaar nie vind nie. Pretorius wou met die Britse gesag oor onafhanklikheid onderhandel, terwyl Potgieter geen heil in so 'n beleid gesien het nie.

Die Britse gesag in die Oranjerivier-Soewereiniteit was aan die wankel onder talryke moeilikhede, waaronder die republikeinssgesindheid van sy inwoners nie die minste was nie. Die Basoeto's het die Warden-bewind bedreig; in die Kaapkolonie het die Agtste Grensoorlog gewoed; in Natal was daar gerugte dat die Zoeloes Pretorius se hulp ingeroep het om die Engelse uit Natal te verdryf. Daarby het die Britse regering op hierdie stadium 'n anti-koloniale beleid voorgestaan onder die oortuiging dat verdere koloniale uitbreiding slegs meer koste en geen werklike voordeel meebring nie.

Van hierdie omstandighede het Andries Pretorius handig gebruik gemaak deur hom bereid te verklaar om te onderhandel. Die Britse regering het die geleentheid aangegryp en op 17 Januarie 1852 sluit Andries Pretorius, met volmag van die Potchefstroomse Krygsraad, en die twee Britse Kommissarisse, Hogge en Owen, die Sandrivierkonvensie, wat die onafhanklikheid van die Transvaalse Voortrekkers erken. Twee jaar later gee die Britse regering ook die Oranjerivier-Soewereiniteit prys en word die onafhanklikheid van die gebied tussen die Oranje en die Vaal luidens die Bloemfonteinkonvensie, 23 Februarie 1854, erken. Uit die twee Konvensies is die twee Boererepublike gebore.


Republikeinse konsolidasie in die Transvaal. —

Die Sandrivierkonvensie het in die Transvaal sekerheid gebring insake die onafhanklikheid, maar het nie die onderlinge verdeeldheid beëindig nie. M. W. Pretorius, wat na die dood van sy vader, Andries, die leierskap in Wes-Transvaal op hom geneem het, het kragdadig vir vereniging gewerk. Hy slaag wel daarin om die Zuid-Afrikaansche Republiek te stig en 'n grondwet aanvaar te kry, dog die verskille het so groot geword dat Lydenburg op 17 Desember 1856 wegbreek om „De Republiek Lijdenburg in Zuid-Afrika” te stig. Ook die Zoutpansbergers onder Stephanus Schoeman,

wat na Piet Potgieter se oorlye die leierskap oorgeneem het, kom in verset en beskou hulle as 'n onafhanklike gemeenskap. In werklikheid het die Zuid-Afrikaanse Republiek dus uit drie aparte republikeinse gemeenskappe bestaan.

Nog 'n vierde het bygekom, naamlik Utrecht. In 1847 het sommige van die Kliprivierboere hulle ten noorde van die Buffelsrivier en dus buite Natal gaan vestig. Dit was die begin van die distrik Utrecht. In die vroeë jare vyftig het hulle aansluiting by die Transvalers gesoek, maar Andries Pretorius, en later ook M. W. Pretorius, het met Panda onderhandel oor die verkryging van grond in die rigting van St. Luciabaai en wou daarom nie in Utrecht inmeng nie. Die Utrechters wou nie in onsekerheid voortleef nie en het in 1854 die gebied van Panda gekoop vir honderd beeste, waarna 'n bestuur tot stand kom bestaande uit komdt. J. C. Klopper, landdros A. T. Spies en vier Heemrade. Dit het egter nie verhoed dat hulle steeds na vereniging met die Transvaal gestreef het nie.

Mettertyd het die saamhorigheidsgevoel by alle groepe sterker geword en is vereniging bewerkstellig. Eers het Wes-Transvaal en Zoutpansberg mekaar gevind; daarna het Lydenburg en Utrecht verenig en uiteindelik



*Die inswering van Paul Kruger as President
voor die Eerste Goewermentsgebou in 1883.*

het die Zuid-Afrikaansche Republiek in 1860 'n verenigde staat onder M. W. Pretorius as Staatspresident geword. 'n Paar jaar later, nadat Pretorius ook as President van die Vrystaat gekies is, was daar weer rusies, selfs 'n burgeroorlog, op streeksgrondslag, dog die storms is geweer en die Zuid-Afrikaansche Republiek het sy eenheid behou. Daar was ook verskeie pogings, deur M. W. Pretorius met meer voortvarendheid as diplomatie aangewend, om die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Oranje-Vrystaat te verenig, maar dit het nooit geslaag nie.

In 1877 word die Zuid-Afrikaansche Republiek die slagoffer van die federasieplan van lord Carnarvon, die Engelse Minister van Kolonies. Dit was eintlik 'n kompliment vir die republikeinse gesindheid van die Transvalers dat Carnarvon besef het dat die Zuid-Afrikaansche Republiek nie oorgehaal sou kon word om by 'n Suid-Afrikaanse federasie onder die Britse vlag aan te sluit nie en dit deur middel van anneksasie moes geskied. Die eensgesinde en waardige wyse waarop die Transvalers onder leiding van die Driemanskap, Paul Kruger, Piet Joubert en M. W. Pretorius, teen anneksasie geprotesteer het en die moedige wyse waarop hulle die wapens



J. J. BEZUIDENHOUD

teen Engeland opgeneem het, het die bewondering van die grootste gedeelte van Suid-Afrika afgedwing. Niks het die Afrikaans-Republikeinse lewenspatroon meer in aansien gebring as die roemryke Transvaalse Onafhanklikheidsoorlog (1880-1881) nie. Dit het, saam met ander faktore, die Afrikaanse nasionale sentiment laat ontwaak van Kaappunt tot aan die Limpopo.

In 1888 het die Zuid-Afrikaansche Republiek 'n toevoeging aan sy suidoostelike grens gekry toe die Nieuwe Republiek daarmee verenig het. Hierdie republiek is gebore uit die toestand van onderlinge stryd waarin Zoeloeland na die Anglo-Zoeloe-oorlog (1879) verkeer het. Op uitnodiging van 'n groep Zoeloes, trek 'n klompie Boere uit Transvaal, later aangevul uit die Vrystaat en Natal, Zoeloeland in 1884 binne, salf Dinuzulu tot Opperhoof, onderwerp die weerbarstige Usibepu, en herstel die vrede. As beloning vir hulle dienste ontvang die Boere 'n stuk grond in Zoeloeland, waar hulle in Augustus 1884 die Nieuwe Republiek stig met Lucas Meyer as President. Finansiële probleme het die Nieuwe Republiek gedwing om in 1888 as die distrik Vryheid met die Zuid-Afrikaansche Republiek te verenig.

'n Dergelike geskiedenis lewer die Republieke Stellaland en Goosen op, wat in 1882 en 1883 aan die suidwestelike grens van die Zuid-Afrikaansche Republiek gestig is. Boerevrywilligers het die twee natuurlike kaptains, Mosjette en Massouw, teen hulle vyande gehelp en grondgebied as vergoeding ontvang. Hierop stig een groep in 1882 die Republiek Land Goosen met Rooigrond as sentrum van die bestuur en N. C. Gey van Pittius as Voorsitter of Administrateur. Dit word in 1883 gevolg deur die stigting van Stellaland met Vryburg as hoofdorp en Gert J. van Niekerk as Administrateur. Albei se bestaan is egter in 1885 deur die militêre ekspedisie van sir Charles Warren beëindig. Hulle het grotendeels deel geword van Brits-Betsjoeanaland wat in 1895 by die Kaapkolonie ingelyf is.

Nog iets dergeliks is die Klein-Vrystaat wat in die suidwestelike deel van Swaziland tot stand gekom het. In 1876 het J. J. Ferreira en F. J. Maritz ongeveer 15,000 morge van die Swazi-opperhoof Umbandien vir R360 in ware (ryperde, komberse, pikke ens.) gekoop, waarop 'n aantal Boere hulle daar gevestig het. In 1886 is 'n bestuur vir die staatjie gekies, bestaande uit J. J. Bezuidenhout, L. Botha en T. Potgieter, met die plaas Vaalkop as die regeringsentrum. Nadat vergeefs aansoek gedoen is om inlywing by die Zuid-Afrikaansche Republiek het die Driemanskap in 1890 die Klein-Vrystaat tot onafhanklike staat verklaar. Met die Swazilandkonvensie van dieselfde jaar het Brittanje egter toegestem dat die Klein-Vrystaat by die Zuid-Afrikaansche Republiek ingelyf word, wat dan op 10 April 1891 gebeur. Dit word toe 'n deel van die distrik Piet Retief.

Merkwaardig is die geskiedenis van nog 'n republiek wat deur Transvalers gestig is, maar hierdie keer honderde myle van die Transvaalse grens. In 1885 het 'n groep Transvaalse Dorslandtrekkers vanuit Angola suidwaarts oor die Kunene getrek en hulle gevestig in die omgewing van die




Die Wapen en Vlag van „De Nieuwe Republiek”

Etoshapan op 'n gebied 1,000 vierkante myl groot, wat 'n Kaapse handelaar, W. W. Jordan, van die Ovambo's gekoop het. Hulle vorm 'n bestuur van dertien lede met G. D. P. Prinsloo as President (Voorsitter) en gee hulle staat die sonderlinge naam van Upingtonia, blykbaar om die guns van die toenmalige Kaapse Eerste Minister, Thomas Upington, te wen. Weens die dreigende houding van inboorlinge verdwyn Upingtonia egter reeds die volgende jaar toe die meeste nedersetters terug verhuis na Transvaal.

Die Oranje-Vrystaat

Anders as die Zuid-Afrikaansche Republiek het die susterrepubliek,



Die vierde Raadzaal van die Oranje-Vrystaat, 'n praggebou en simbolies van die Vrystaatse volksbestaan, wat in 1893 in gebruik geneem is.



Die „Gouvernements-Kantoren” wat in 1875 in Bloemfontein opgerig is.

die Oranje-Vrystaat, nie met soveel interne botsings te kampe gehad nie. Ondanks partyskappe het hierdie republiek van die begin af ’n benydenswaardige eenvormigheid getoon, wat mettertyd sterker geword het. Met ’n behoorlike grondwet, ontleen aan die Franse konstitusie van 1848 en die Amerikaanse van 1787, het die Vrystaat op ’n vaste basis ontwikkel en was hy staatsregterlik seker die volwaardigste van al die Suid-Afrikaanse republieke van die negentiende eeu.

In die geskiedenis van die Oranje-Vrystaat is daar sekere fases te sien. In die eerste plek het mens die beeld van ’n pionierstaatjie, swak toegerus met finansiële middele sowel as organisatoriese talent, wat hom moeisam omhoog werk onder die bedreiging van die Basoeto-mag wat soos ’n donker wolke aan sy oosterkim gehang het. Dit het meegebring dat ’n gedeelte van die bevolking hulle staatkundige toekoms in vereniging met die Zuid-Afrikaansche Republiek gesien het en ’n gedeelte weer in ’n nouer aansluiting by die Kaapkolonie. Sir George Grey, die Kaapse Goewerneur, het gesorg dat eersgenoemde strewe misluk deur te dreig met verbeurdverklaring van die Konvensies indien die twee republieke verenig en terselfder tyd het hy laasgenoemde neiging vertroetel om sy eie federasieskema te laat slaag. Ook dit misluk egter weens die onwil van die Britse regering teen die einde van die jare vyftig.

So het die Vrystaat geleer om op eie bene te staan en onder die vasberade beleid van president Brand tot ’n eensgesinde, selfstandige en volwaardige republiek te ontwikkel. Eers is die Basoetoe probleem met beslistheid aangepak, maar net toe die Vrystaat die finale oorhand gekry het, is Basoetoland deur goewerneur sir Philip Wodehouse in naam van Brittanje geannekseer. En toe kort hierna Griekwaland-Wes, wat Vrystaatse

gebied was, met die diamantvelde en al deur die volgende Goewerneur, sir Henry Barkly, ook vir Engeland geannekseer is en die geskil nadat dit jarelang voortgesleep het, eers in 1876 op 'n onbevredigende wyse vir die Vrystaat opgelos is, toe het daar 'n skerp anti-Engelse gees ontstaan, wat vir die res van die eeu nie weer gewyk het nie.

Die toestroming van delwers na die diamantvelde van Griekwaland-Wes het die ontstaan van miskien die sonderlingste republiek in Suid-Afrika ten gevolge gehad. Weens die onsekerheid oor welke gesag nou eintlik aanvaar moes word, het die delwers van Klipdrift (by Barkly-Wes) in 1870 'n republiek uitgeroep met Stafford Parker, 'n gewese Britse matroos, as die President. Net die volgende jaar egter het die ontdekking van ryker delwerye op die plek waar Kimberley sou ontstaan, die Delwersrepubliek laat leegloop. In Oktober 1871 is Griekwaland-Wes deur Brittanje geannekseer en was daar natuurlik geen sprake dat daar weer so-iets tot stand sou kom nie.


Maar om terug te keer tot die Vrystaat: bogenoemde anti-Engelse gevoel het die mislukking van Carnarvon se federasieplan, ook wat die Vrystaat betref, ten gevolge gehad. Dit het ook die geneigdheid na die Transvaal laat toeneem, veral tydens die anneksasie van Transvaal en die Vryheidsoorlog. President Brand het hierdie neiging probeer teenwerk. Hy het groter heil in federasie met al die gebiede in Suid-Afrika gesien, al was dit dan onder Engelse vlag, as in nouer samesluiting met die Transvaal.

Reeds vanaf die begin van die jare tagtig kan die geskiedenis van die Oranje-Vrystaat moeilik van die res van Suid-Afrika geskei word. Met die ontwikkeling van die mynbou word Suid-Afrika 'n ekonomiese eenheid soos ook weerspieël word in die uitbreiding van die spoorwegnet. In hierdie ontwikkeling neem die Vrystaat al meer 'n sentrale posisie in. Ekonomies en wat binnelandse orde betref, het dit goed gegaan en die staat kry die naam van modelrepubliek.

Na die dood van president Brand in 1888 het die Oranje-Vrystaat sy lot by die Zuid-Afrikaansche Republiek ingewerp. By president Reitz sowel as president Steyn was die Afrikaanse nasionale gevoel en die republikeinse sentiment oorheersend. Reeds in Maart 1889 kom daar 'n politieke verbond tussen die twee republieke tot stand, wat later deur president Steyn nog nouer aangehaal is.

Die ondergang van die Boererepublieke

Die ondergang van die twee Boererepublieke hang ten nouste saam met die beleid wat Brittanje ten opsigte van Suid-Afrika gevolg het. Die imperialistiese wending wat die Britse politiek met die anneksasies van Basoetoeland, Griekwaland-Wes en Transvaal kenmerk, het gelyk of dit met die teruggawe van onafhanklikheid aan Transvaal in 1881 en met die Londense Konvensie van 1884 weer verander. Tog word Brittanje sowel as elke ander groot Europese moondheid, vasgevang in 'n imperialistiese



Die Ou Goewermentsgebou aan die suidekant van Kerkplein, Pretoria; in 1887/8 ontwerp deur Sytze Wierda en in die begin van 1892 in sy geheel voltooi.

wedloop, wat veral die laaste kwart van die negentiende eeu gekenmerk het. Faktore binne sowel as buite Suid-Afrika het Brittanje verplig om sy beleid weer eens te wysig. Die wedloop om kolonies en die opkoms van Duitsland was twee belangrike faktore. Brittanje wou nie toelaat dat sy posisie as oorheersende handels- en koloniale moondheid aangetas word nie en moes gevolglik meedoen aan die wedloop om kolonies.


Binne Suid-Afrika was daar veral twee faktore wat die Britse beleid beïnvloed het, naamlik die ontwaking van 'n Afrikaanse nasionale bewussyn en die ontdekking en ontginning van die Witwatersrandse goudvelde. Gerugsteun deur die ontwakende Afrikaanse nasionale bewussyn het president Kruger daarna gestreef om sy republiek sterk te maak teen Britse imperialisme en met behulp van 'n eie hawe, en miskien ook Duitse steun, ekonomies onafhanklik van Brittanje te wees. 'n Sterk Afrikanerrepubliek was nie bevorderlik vir die Britse oppergesag in Suid-Afrika nie. Brittanje was wel vir 'n verenigde Suid-Afrika, maar dan onder die Britse vlag en hiervoor was die groot kampvegter in Suid-Afrika, Cecil John Rhodes, wat sy geld en invloed terdede gebruik het om Britse gesag in Suid-Afrika uit te brei.

Rhodes en sy imperialistiese geesgenote wou die Zuid-Afrikaansche

Republiek — en by gevolge ook die Oranje-Vrystaat — isoleer deur 'n ring van Britse gebiede daaromheen te trek. Toe dit nie ten volle slaag nie, loods hulle die Jameson-inval, wat eweneens misluk. Hierdie voorval het die Afrikaner-nasionalisme nog verder aangeblaas en die twee Boere-republieke nader aan mekaar gebring. Van nou af het die Uitlander-stemregkwessie sterk op die voorgrond getree en hoewel Kruger, ook op aandrang van Steyn, telkens toegegee het, het dit die imperialistiese Milner en Chamberlain nie bevredig nie. Uiteindelik het die republieke besef dat dit nie om die stemreg gaan nie, maar om die onafhanklikheid self. Met die Anglo-Boere-oorlog veg die twee Boererepublieke sy aan sy en kry ook hulp van Kaapse en Natalse Afrikaners, maar na 'n moedige stryd van byna drie jaar verdwyn die Boererepublieke met die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902. Suid-Afrika was nou geheel en al onder die Britse vlag.

Die Republiek van Suid-Afrika

Met die Vrede van Vereeniging is alle republieke van die Suid-Afrikaanse bodem weggegee. Die republikeinse gedagte onder die Afrikaners het dit egter nie uitgewis nie. Namate meer seggenskap in landsake, self-



GENL. J. B. M. HERTZOG

regering en selfs 'n verenigde Suid-Afrika verkry is, het dit tog weer na vore gekom, hoewel daar weinig oor 'n republiek gepraat is.

Die Rebelle van 1914-15 was in wese 'n beweging wat die herstel van republikeinse onafhanklikheid nagestreef het. In 1917 het die Nasionale Party in sy program die bestaan van 'n republikeinse strewer erken. In

1919 is selfs 'n deputasie na die Vredeskonferensie te Versailles gestuur om die herstel van die twee Boererepublieke te versoek.

Toe die Nasionale Party van generaal Hertzog in 1924 aan bewind kom, het baie dit gesien as 'n mylpaal op die weg van 'n onafhanklike Suid-Afrikaanse Republiek. Tog is die strewe na 'n republiek ook binne die partygeledere op die agtergrond gehou weens die Pakt-ooreenkoms met die Arbeidersparty van kolonel Creswell. Ook het die geslaagde onderhandelings wat generaal Hertzog gevoer het om die selfstandigheid van



DR. D. F. MALAN

die Unie binne die Britse Gemenebes te bevorder — Balfourverklaring, Statuut van Westminster ens. — meegebring dat Hertzog self en baie ander die republikeinse strewe as oorbodig geag het.

Baie nasionaliste is hiermee egter nie tevrede gestel nie. Leiers soos dr. Malan, adv. Strijdom en adv. Swart het steeds die republikeinse beginsel voor oë gehou. In 1930 kom die Republikeinse Bond binne die Nasionale Party tot stand. Toe Hertzog en Smuts vroeg in die jare dertig 'n same-smelting bewerkstellig, was dit veral die republikeinse kern van die Nasionale Party wat van Hertzog weggebreek het. Die Herenigde Nasionale Party, wat in 1936 onder leiding van Malan tot stand kom, het die republikeinse ideaal in sy program van beginsels opgeneem. Met die verwarring wat die Tweede Wêreldoorlog in Suid-Afrika veroorsaak het, het die republikeinse ideaal eerder sterker as swakker geword.

Na die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het, is die republikeinse strewe stelselmatig benader. Op die Statebondskonferensie van 1949 is op aandrang van dr. Malan besluit dat 'n republiek binne die



ADV. J. G. STRYDOM

Statebond kan bestaan. Adv. Strydom het gedurende sy bewind, 1954-58, met positiewe wetgewing die weg tot 'n republiek voorberei — vlag en volkslied. Dr. Verwoerd het die deurslag gegee.

Op 5 Oktober 1960 het die volk by wyse van 'n referendum sy beslissing ten gunste van 'n republiek gegee. Op 31 Mei 1961, nege-en-vyftig jaar na Vereeniging en een-en-vyftig jaar na Uniewording, het Kerkplein, Pretoria, weer eens 'n President begroet; hierdie keer nie net vir Transvaal nie, maar vir die hele Suid-Afrika. In gietende reën het duisende onder sambrele en toegewikkel in reënjasse gewag op die verskyning van die eerste Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika, Charles Robberts Swart. In die middel van Kerkplein het die standbeeld van Paul Kruger swygend die verrigtinge aanskou.

Vyf jaar het sedertdien verbygegaan. Dit is miskien te vlakby om 'n geskiedenis van die vyf jaar te probeer skets. Wel kan gesê word dat die Republiek van Suid-Afrika in die vyf jaar sy bestaan geregverdig het, reeds in status toegeneem het en met 'n ope gemoed die toekoms kan binnegaan.

PROF. DR. F. J. DU T. SPIES

DR. M. C. VAN ZYL



H.F. Verwoerd

„*PRESIDENTE*” VOOR 1854

A. H. POTGIETER
A. W. J. PRETORIUS

KOMMANDANT-GENERAAL

A. H. POTGIETER

(19 Desember 1792 – 16 Desember 1852)



KOMDT.-GENL. A. H. POTGIETER.

'n Tekening deur Victor Ivanoff.

A. H. Potgieter

ANDRIES HENDRIK POTGIETER, seun van Hermanus Potgieter en Petronella Krugel, en afkomstig van Tarka in die distrik Colesberg, was een van die eerste Voortrekkerleiers wat met 'n groep van ongeveer 200 volgelinge, waaronder die jong Paul Kruger, die Kaapkolonie verlaat het.

In die latere Vrystaat ruil Potgieter grond tussen die Vet- en die Vaalrivier van die Bataung-opperhoof Makwana. Op 16 Oktober 1836 verslaan hy en sy handjievool burgers die oormag van Silkaats by Vegkop, waarna hy as leier optree van 'n tweetal strafekspedisies teen die Matabeles. Tydelik verskyn hy in Natal, het 'n aandeel in die mislukte Italeni-veldtog, en kort daarna, in 1838, stig hy die eerste Oorvaalse dorp en latere eerste hoofstad van die Zuid-Afrikaanse Republiek, Potchefstroom. Hier word Potgieter ook leier van die Republikeinse staatjie Winburg-Potchefstroom. In 1845 verskuif hy die hoofsetel na Ohrigstad ten einde verder weg te beweeg van Britse invloed en nader aan die Portugese hawens te kom. Potgieter bots egter met die Natalse Volksraadsparty en trek drie jaar later na Zoutpansberg, waar hy nogeens leier van 'n geslote republikeinse gemeenskap word. Nadat nouere aaneensluiting binne die Transvaal bewerkstellig is, word Potgieter ook Kommandant-generaal vir Zoutpansberg vroeg in 1851.

Potgieter was 'n groot, forsgeboude man met 'n sterk individualistiese persoonlikheid en 'n rustelose soeker na vryheid en onafhanklikheid. Kragtige leiersfiguur soos hy was, het hy nie altyd daarin geslaag om met sy mede-Voortrekkers saam te werk nie. So bots hy byvoorbeeld met Andries Pretorius en word dit al moeiliker om die eenheidsband in Transvaal te bewaar. Eers in Maart 1852 het hierdie twee leiers op Rustenburg oor 'n geopende Bybel tot versoening gekom. Kort daarna het Potgieter, wat as die grondlegger van die republikeinse strewe in Transvaal bestempel kan word, gesterf. Hy is begrawe op die dorp Zoutpansberg, die latere Schoemansdal.


— JAN PLOEGER.

KOMMANDANT-GENERAAL

A. W. J. PRETORIUS

(27 November 1798 – 23 Julie 1853)

ANDRIES WILHELMUS JACOBUS PRETORIUS is 'n Graaff-Reinetter van geboorte. Op 8 November 1818 trou hy met Christina de Wit en agt kinders, waarvan die oudste die eerste Staatspresident van



*Komdt.-genl. A. W. J. Pretorius.
'n Tekening wat in Maart 1839 deur
luit. J. A. Harding gemaak is.*

die Zuid-Afrikaansche Republiek was, word uit die huwelik gebore. Na die afsterwe van sy eerste vrou trou hy in 1848 met Petronella de Lange, het drie kinders uit hierdie huwelik waarvan twee oorlede is nog voor Pretorius se dood in 1853.

Andries Pretorius het op Pretoriuskloof, later Letskraal naby Graaff-Reinett, geboer. In 1835 lei hy 800 man op kommando in die Sesde Grensoorlog. In Oktober 1837 besoek hy die Voortrekkers en in September 1838 verlaat hy en 'n geselskap Trekkers die Kolonie. Hy word in die laer te Klein-Tugela tot Kommandant-generaal gekies en lei in November 1838 'n kommando van 470 man, 64 waens, 500 perde en 900 trekossee na Zoeloeland. Hy is 'n gebore leier — militêr, politiek en administratief —

en op 16 Desember 1838 behaal hy 'n groot oorwinning by Bloedrivier, wat Natal oopstel vir die Blankes, die Groot Trek as onderneming red, en die nageslag deur 'n gelofte bind om 16 Desember te herdenk. Later onderhandel Pretorius met Zoeloe-afgesante oor vrede, maar in Januarie 1840 lei hy weer 'n kommando van 350 man teen Dingaan en met behulp van Panda word Dingaan verpletterend by die Makonkokoppe verslaan, waarop Pretorius Panda tot koning van die Zoeloes gekroon het. Daarmee het die Zoeloes Boerevriende geword.

Pretorius boer nou op Welverdiend en besit nog ses plase in Natal. Hy word nie-amptelike leier van die Natalse Voortrekkers en woon die Volksraadsittings *ex officio* as Kommandant-generaal by. In Oktober 1840 versoen hy Potgieter met die Natalse Trekkers en bewerk 'n verenigde Voortrekkerrepubliek. As Voortrekkerleier tree hy feitlik as „Staatshoof” na buite op (hoewel so 'n amp of dié van Staatspresident nie bestaan het nie). Hy protesteer teen die Britse besetting van Port Natal, organiseer 'n kommando en omsingel kaptein Smith na die Slag van Congella in Mei 1842. Deur 'n oormag word Smith in Junie ontset. Die Volksraad onderwerp hom op 15 Julie en hoewel talle Trekkers (ook uit die trans-Drakensberge) in Augustus 1842 opdaag om anneksasie te verhoed, beywer Pretorius hom vir vrede. Natal het 'n Britse kolonie geword en Pretorius bly as Britse onderdaan in Natal agter, hoewel die meeste Trekkers dié gebied verlaat het. Hy tree weer eens op as kampvegter vir sy mense teen die Britse nie-blanke beleid in Natal en in 1847 word 'n onderhoud deur sir Henry Pottinger hom op Grahamstad geweier, waarna hy 'n Trek uit Natal na Transvaal lei. Hy probeer 'n oorlog teen die Britte in Suid-Afrika organiseer, maar sy planne misluk. Pretorius gaan woon in die Magaliesbergse omgewing, maar lei spoedig 'n kommando na die Oranjerivier om te protesteer teen die anneksasie van die Voortrekkergebied suid van die Vaalrivier. Na verzet en 'n nederlaag te Boomplaats in Augustus 1848 word hy voëlrvy verklaar en die Oranjerivier-Soewereiniteit bly Brits.

In Transvaal word Pretorius 'n politieke leier en in 1849 bewerk hy die *Verenigde Bond* by Derdepoort, waardeur eenheid kom tussen die drie regionaal-politieke groepe. In 1850 word hy Kommandant-generaal oor 'n gedeelte van Transvaal. Hy word weer die nie-amptelike leier wat na buite optree.

Pretorius maak in 1851 gebruik van die verleentheid waarin Brits-Suid-Afrika t.o.v. die Xhosas, die Basoeto's en die Zoeloes verkeer het en dwing die Britte om in 1852 die Sandrivierse Konvensie tot stand te bring waardeur die Voortrekkers ten noorde van die Vaalrivier deur Brittanje as onafhanklik erken word. Daarmee was 'n ideaal van die Groot Trek verwesenlik. Sy ideaal was om ook die Oranjerivier-Soewereiniteit onafhanklik te maak en by die Transvaal in te skakel sodat 'n groot Boere-republiek noord van die Oranjerivier kon ontstaan. Nadat hy die westelike

grense van die Transvaal in 1852 beveilig het teen opstandige Bantoes, sterf hy in Julie 1853 op sy plaas Grootplaats, wat sy ideaal van 'n groot Trekkerrepubliek beëindig, maar wat nie verhinder het dat die Soewereiniteit in 1854 in die Republiek van die Oranje-Vrystaat verander het nie; dus indirek deur sy toedoen.

Op 13 Mei 1891 is die oorskot van Pretorius van staatsweë in Pretoria herbegrawe. Hy was een van die grootste Afrikanerleiers van die 19de eeu en die vader van Republikeinse onafhanklikheid. Sy nagedagtenis word in ere gehou met 'n ruitersandbeeld voor die Pretoriase stadshuis.

— F. A. VAN JAARVELD.

PRESIDENTE
VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT


J. P. HOFFMAN

J. N. BOSHOFF

J. H. BRAND

F. W. REITZ

M. T. STEYN



J. B. Hoffmann

PRESIDENT J. P. HOFFMAN

(1 Desember 1807 – 13 Oktober 1879)

VAN Josias Philippus se jeug is slegs bekend dat hy in Stellenbosch gebore is en in 1824 Natal besoek het met 'n handelsekspedisie. Blykbaar het latere handelstogte hom na die Transoranje gevoer waar hy hom ongeveer 1840 as boer in die Caledonrivier-gebied gevestig het. Hy het goed bevriend geraak met Mosjesj van wie hy in 1847 die plaas Jammerbergsdrif present gekry het.

As een van die vier afgevaardigdes van die Smithfieldse distrik en as Voorsitter van die Raad van Representante het Hoffman 'n leidende aandeel gehad in die onderhandelinge met sir George Russell Clerk oor die Britse ontruming van die gebied tussen die Oranje en die Vaal en is hy ook van die kant van die Boere die eerste ondertekenaar van die Bloemfonteinse Konvensie (23 Februarie 1854), waarmee die Republiek van die Oranje-Vrystaat tot stand gekom het. Waarskynlik om dié rede is Hoffman dan ook op 15 Mei 1854 as die eerste President van die nuwe staat gekies. Hoewel hy klaarblyklik geen besondere skoolopleiding geniet het nie, getuig tydgenote van 'n natuurlike skrandtheid waarmee hy geseënd was. Weens 'n ongeluk in sy jeug het hy mank en met krukke geloop, maar na dit voorkom, het dit nie sy beweegbaarheid aan bande gelê nie.

As eerste Vrystaatse President het hy 'n baie moeilike taak gehad. Die gevier en te midde van verskillende strominge en rigtings was dit moeilik om koers te kry. In die uitvoering van sy pligte is hy bygestaan deur goewermentsekretaris Jacobus Groenendaal en vermoedelik het van hom die gedagte uitgegaan om 'n poging aan te wend om sowel stoflike as morele steun van koning Willem III van Nederland te verkry. Materiële steun het beginjare van die Vrystaat was stormagtig. Verdeeldhede het dikwels hoogty uitgehly, maar tot vandag toe herinner die Vrystaatse vlag en wapen aan hierdie poging.


Teenoor die Basoeto's het Hoffman 'n versoeningsbeleid gevoer om die ernstige gevaar van daardie kant by te lê. Met Mosjesj het hy by verskeie geleenthede onderhandel en hom ook op versoek in September 1854 'n vaatië kruis as geskenk gegee. Hierdie daad het die teenstanders van Hoffman aangegryp om stemming teen hom te veroorsaak, met die gevolg dat hy op 10 Februarie 1855 hom genoodsaak vind om sy bedanking as President in te dien. Na sy aftrede het hy weer gaan boer en wel op sy plaas Stookkraal in die Caledonrivier-distrik, waar hy oorlede is.

— JAN PLOEGER.

PRESIDENT J. N. BOSHOF

(31 Januarie 1808 – 21 April 1881)

GEBORE in Swellendam geniet Jacobus Nicolaas Boshof sy skoolopleiding onder ds. W. Robertson en kom later as Landdrosklerk in Graaff-Reinet tereg. Tydens sy verlof besoek hy in 1838 die Voortrekkers in Natal,



word by sy terugkeer uit sy betrekking ontslaan en verhuis daarna vir goed na Natal.

As 'n bekwame penvoerder was hy vir die Voortrekkers van groot diens. Na sy eerste besoek aan Natal het hy 'n paar simpatieke verslae oor die Nataltrekkers in die *Grahamstown Journal* geskryf en later is hy as lid van die Natalse Volksraad verantwoordelik vir die sogenaamde „Offisiële selfverdediging van die Voortrekkers”, 'n bekwame stuk wat as antwoord

op die aantygings van die Kaapse Goewerneur moes dien. In die Natalse Volksraad het hy veel bygedra tot die opstelling van regulasies en wette, ook nadat Natal in 1842 in Britse hande geval en die Volksraad nog in funksie gebly het tot 1845. In 1847 is hy aangestel as Resident-magistraat van Kliprivier.

Wes van die Drakensberg was Boshof geen onbekende nie. Na die bedanking van president Hoffman word hy met groot meerderheid tot President van die Oranje-Vrystaat gekies. Op 27 Augustus 1855 word hy dan as die tweede President van die Staat in Bloemfontein ingesweer.

Met sy kennis van bestuursaangeleenthede het president Boshof die basis vir 'n behoorlike staatsdiens en bestuursapparaat gelê. Tog het die swak ekonomiese posisie en die bedreiging van die kant van Basoetoland menigeen, selfs vir Boshof, laat twyfel of die staat op sy eie bene kon staan. Dit het meegebring dat 'n gedeelte van die burgers vereniging met Transvaal voorgestaan het, terwyl 'n ander groep nouer aansluiting met die Kaapkolonie gesoek het.

Boshof het tot laasgenoemde rigting geneig en sy bes gedoen om die herhaaldelike inmenging van M. W. Pretorius ten behoewe van vereniging van die twee republieke te dwarsboom. In 1857 het dit byna op 'n militêre botsing aan die Renosterrivier uitgeloop. Tog het vereniging byna geslaag toe Boshof die volgende jaar ter wille van hulp teen die Basoeto's genoodsaak was om in te gaan op die voorstelle van Pretorius.

Maar die Basoeto-oorlog wat in 1858 uitbreek het, het Boshof ook angsvallig laat hulp soek by goewerneur sir George Grey. Soos Pretorius het ook Grey die haglike posisie van die Vrystaat gebruik om sy plan te bevorder, in hierdie geval sy befaamde federasieplan. Hy vee die moontlikheid van vereniging van die twee republieke van die baan deur te verklaar dat Engeland, ingeval dit gebeur, moontlik nie meer die Konvensies sal erken nie. Sy federasiekanse lyk goed toe hy later in die jaar die Vrystaat besoek en deur sy bemiddeling te Aliwal-Noord 'n einde aan die oorlog maak. In Desember dieselfde jaar het die Vrystaatse Volksraad selfs ten gunste van federasie besluit, ewewel met net een stem meerderheid.

Die volgende jaar word alles egter die kop ingeslaan toe die Britse regering die federasievoorstelle van Grey in die skerpste bewoording afkeur en die Goewerneur selfs terugroep. Vir Boshof, wat toe met verlof in Natal was, was die nuus blykbaar so teleurstellend dat hy daar bly en dan bedank as President.

Boshof vestig hom hierna weer in Natal, word in 1862 lid van die Wetgewende Raad en tree in 1873 uit die openbare lewe. Hy sterf op sy plaas naby Pietermaritzburg.

J. N. Boshof was meer die nougesette amptenaar as 'n staatsman van formaat. Met sy teruggetrokke natuur was hy ook nooit populêr nie. Tog was hy die man wat met taaie volharding die grondslag gelê het vir die toekomstige modelrepubliek.

— Prof. F. J. DU T. SPIES.

PRESIDENT J. H. BRAND

(6 Desember 1823 – 14 Julie 1888)

JOHANNES HENRICUS BRAND was die enigste seun uit die eerste huwelik van Christoffel Joseph Brand, die bekende Kaapse advokaat, vriend van die Voortrekkers en Speaker van die Kaapse Parlement. Gebore te Kaapstad het die jong Brand in 'n tipies Kaaps-Engelse atmosfeer opgegroeï. Op negentienjarige leeftyd is hy na Nederland waar hy in 1845 in die regte promoveer. Daarna rond hy sy studies aan die Inner Temple te Londen af voordat hy hom as advokaat in Kaapstad vestig, en hy spoedig opgang maak.

In 1854 word Brand lid van die Kaapse Wetgewende Vergadering vir Clanwilliam. Hierdie kiesafdeling verteenwoordig hy totdat die Vrystaatse Volksraad hom in 1864 nader om hom vir die Vrystaatse presidentskap verkiesbaar te stel. Die keuse het hom nie maklik geval nie. 'n Skitterende regsloopbaan was vir hom in sig, maar veral sy vader se raadgewing het die deurslag gegee. Hy is met 'n oorweldigende meerderheid verkies en het die Vrystaat byna 'n kwarteeu as Staatshoof gedien — 'n dienstydker wat nog gen ander Staatshoof of Premier in Suid-Afrika oortref het nie.

Sy eerste taak was om die Basoetovraagstuk op te los. Toe diplomatieke onderhandelings misluk, is oorlog nog in sy eerste diensjaar teen die Basoeto's verklaar. In die stryd het die Vrystaat nie net met 'n gedugte vyand te doen gehad nie, maar Brand moes ondervind dat daar onder sy burgers 'n ernstige gebrek aan krygdissepline en selfs patriotisme was. Deur sy persoonlike inspanning en aansporing is die stryd met sukses deurgevoer en kon die Vrystaat as skadevergoeding vir die jarelange verliese die Verowerde Gebied aan die republiek toevoeg. In 1867 het weer oorlog uitgebreek, maar toe die Vrystaatse kommando's die Basoeto's 'n nekslag wou toedien, het Brittanje ingegryp en Basoetoland in 1867 tot Britse gebied verklaar; tot groot ergernis en teleurstelling van die Vrystaters. Brand het hulle egter geleer om in die onvermydelike te berus en die vrede wat ingetree het, vir hulle heil as landbouers en veetelers aan te wend.

Nouliks het die Vrystaat die geleentheid gehad om die swaar ekonomiese laste van die Basoeto-oorloë af te werk, of 'n veel moeiliker vraagstuk het Brand in die gesig gestaar toe diamante vroeg in die jare sewentig in die westelike Vrystaat ontdek is. Toe Brittanje sy gesag oor die diamantvelde uitbrei, is Brand se staatsmanskap en diplomatieke vernuf tot die uiterste beproef om die Vrystaat se regmatige besitreg van die diamantvelde aan die hele wêreld bekend te stel en hierdie erkenning van Brittanje af te dwing. Hy het hom so intens vir die saak ingespan dat sy gesondheid op een tydstep ineengestort het en sy herstel daarna as 'n nasionale feesdag gevier is. Eindelik het Brand ingewillig om R180,000 van Brittanje as verlies vir die diamantvelde te aanvaar.



J. W. Brand

So hoog was die agting van die Vrystaters vir Brand se rol in die beslegting van die diamantveldkwessie dat hulle aan hom 'n honorarium toegeken en hy die ere naam „Vader des Volks” onder hulle verwerf het. Daar was egter tekens dat almal nie oor die verkwanseling van die diamantvelde gelukkig was nie en toe Brand boonop in 1882 'n Britse sirskap

aanvaar, het daar 'n besliste breuk tussen hom en 'n groot deel van die nasionaalvoelende Vrystaters ingetree. Hy het wel 'n Britse konfederasieplan van die hand gewys, maar sy neutrale houding tydens die Transvaalse Vryheidsoorlog, toe hy vir albei kante as bemiddelaar opgetree het, en sy geneëtheid om die ekonomiese bande eerder met die Britse kolonies te versterk as met die Zuid-Afrikaansche Republiek, het meegebring dat die Vrystaters hom in die tagtigerjare nie so seer uit politieke oortuiging nie, maar alleen vanweë sy bekwaamheid en lange ervaring as Staatshoof, tot President herkies het.

Dit is byna vreemd dat Brand, wat persoonlik so min gedoen het om Afrikanernasionalisme aan te wakker of selfs republikanisme deur vereniging van die twee republieke te bevorder, eintlik die grondlegger van 'n gesonde nasionalisme en republikanisme in die Vrystaat was. Deur die Vrystaat op staatsadministratiewe, maatskaplike, ekonomiese, regs kundige en opvoedkundige terreine so sterk moontlik uit te bou, het hierdie ordelike staat, wat deur regskenner as 'n modelstaat beroem is, die nasionale trots van die Vrystaters en hulle sterk demokratiese sin verstewig.

Gedurende sy laaste diensteryn, en veral nadat goud aan die Rand ontdek is, het Brand hom ter wille van die Randse mark vir nouer samewerking met die Zuid-Afrikaansche Republiek beywer, maar terselfdertyd het hy ook die weg voorberei vir 'n gunstige toloorenkoms met die Britse kolonies, op wie se hawens die Vrystaat steeds heengewys was. Vir baie jare het hy hom ook vir 'n spoorverbinding met die Kaapkolonie beywer en groot was sy vreugde toe dit kort voor sy dood deur die Volksraad goedgekeur is.

Omdat hy die Vrystaat uit sy pioniersworsteling losgemaak en tot aansien verhef het, kon die Vrystaters, wat hulle politieke gevoelens ook al was, waarlik 'n waardige en groot Staatspresident se heengaan betreur.

— M. C. E. VAN SCHOOR.

PRESIDENT F. W. REITZ

(5 Oktober 1844 – 23 Maart 1934)

NA president Boshof is Francis William Reitz die tweede Vrystaatse President wat in Swellendam gebore is. Sy vader was 'n vooraanstaande boer, trouens ook veearts en lid van die Kaapse Wetgewende Raad. Soos president Brand het ook Reitz 'n opleiding in die regte gevolg, eers in Kaapstad en daarna in Londen en Skotland. By sy terugkeer in 1868



tree hy tot die Kaapse balie toe, maar in 1874 aanvaar hy die aanbod om Regter, spoedig daarna Hoofregter, van die Oranje-Vrystaat te word.

Vir dertien jaar dien hy die Vrystaat in hierdie hoedanigheid en word 'n republikein in hart en niere. Die ontwakende Afrikaanse nasionale bewussyn van hierdie jare het by hom ingeslaan; hy het die strewe van die Afrikaanse Taalbeweging aangevoel en lewer self 'n belangrike bydrae tot die gedigteskat daarvan. Ondanks die teenkanting van president Brand bevorder hy die stigting van takke van die Afrikanerbond in die Oranje-Vrystaat.

Na die afsterwe van Brand word Reitz op 4 Januarie 1889 tot die vyfde President van die Oranje-Vrystaat gekies. Sy bewind bring 'n koersverandering, want, in teenstelling met die beleid wat Brand gevolg het, het

hy samewerking met die Zuid-Afrikaansche Republiek hartgrondig voorgestaan. Reeds in Maart 1889 sluit hy te Potchefstroom met president Kruger drie verbonde wat die twee republieke baie nou aan mekaar verbind het: 'n verbond van handel en vriendskap, 'n spoorwagooreenkoms en 'n politieke verbond. Hiermee begin 'n beleid wat deur Steyn verder gevoer is tot die twee republieke saam in die stryd teen Brittanje te staan gekom het.

Gedurende die bewind van Reitz het die Vrystaat daardie fase binne gegaan waar sy geskiedenis saamvloei met die algemene geskiedenis van Suid-Afrika. Ekonomies was die staat gesond danksy die handel met die myngebiede oor sy grense. Die republiek raak ingevleg in die spoorweg- en telegraafnet van die hele Suid-Afrika. Reitz het die posisie beslis aanvoel, maar sy bewind word kortgeknip toe hy in 1895 genoodsaak is om weens gesondheidsredes te bedank.

Hiermee was sy openbare lewe egter nog lang nie verby nie. In 1897 vestig hy hom as advokaat te Pretoria en in Junie 1898 volg hy dr. W. J. Leyds op as Staatsekretaris van die Zuid-Afrikaansche Republiek. In hierdie betrekking het Reitz dan ook sy volle aandeel in die krisissjare gehad. Waar daar soms kritiek op sy diplomاسie was, aan sy vaderlandsliefde het niemand ooit getwyfel nie. Dwarsdeur die oorlog bly hy in die veld en is een van die ondertekenaars van die Vrede van Vereeniging in 1902.

Hy weier egter om die eed van getrouheid te onderteken en swerf vir die volgende twee jaar buite Suid-Afrika, deur Amerika en Europa. In 1904 keer hy terug en tree na herstel van gesondheid weer tot die openbare lewe toe. In 1911 word hy Senator en ageer tot 1924 as President van die Senaat. Sy laaste jare slyt hy stil op Gordonsbaai.

— Prof. F. J. DU T. SPIES.

PRESIDENT M. T. STEYN

(2 Oktober 1857 – 28 November 1916)

IN MARTHINUS THEUNIS STEYN het die Oranje-Vrystaat vir die eerste keer 'n President gekry wat in die ware sin van die woord 'n seun van die land was. Hy is nl. in die Republiek gebore, op die plaas Rietfontein naby Winburg, en het feitlik met die staat self opgegroeï. Miskien daarom dat hy die karakter van die Vrystaatse bevolking beter kon aanvoel as enige van die vorige Presidente en ook beter kon leiding gee in ure van krisis en nood.

Toe hy ongeveer 'n jaar oud was, verhuis die familie na die plaas Suurfontein naby Mazelspoort, ongeveer dertien myl van Bloemfontein. Daar groei hy op, 'n egte Boereseun, met 'n voorliefde vir perd en geweer. Sy skoolopleiding ontvang hy eers aan 'n plaasskool en daarna aan die Grey-Kollege te Bloemfontein. Voor hy eindeksamen doen, gaan hy egter saam met sy broer op die familieplaas boer, terwyl sy ouers na die stad verhuis.

Sy liefde vir boeke en studie het hy egter behou. Daarom word hy, op aandrang van regter Buchanan, 'n huisvriend, in 1877 na Nederland gestuur om aan die Gymnasium te Deventer verder te studeer. Hy maak daar goeie vordering maar voor die eindeksamen vir toelating aan 'n Nederlandse universiteit afgelê word, besluit hy om sy regsopleiding aan die Inner Temple, Londen, te deurloop, waar hy in 1880 toegelaat word. Die studie word op 17 November 1882 voltooi en hy keer as advokaat na sy vaderland terug.

In Bloemfontein bou hy spoedig 'n florerende advokatepraktyk op en met sy aangename persoonlikheid maak hy baie vriende oor die hele Vrystaat, wat hy periodiek met die Rondgaande Hof deurreis. Op 10 Maart 1887 trou hy met Tibbie (Rachel Isabella), dogter van ds. Colin Fraser van Philippolis. Op 12 Januarie 1889 word hy aangestel as Staatsprokureur; op 14 Augustus dieselfde jaar word hy bevorder tot Tweede Strafreger en op 5 Mei 1892 tot Eerste Strafreger.

Toe President Reitz in Desember 1895 om gesondheidsredes bedank, was regter Steyn feitlik sy vanselfsprekende opvolger. Met groot meerderheid van stemme word hy verkies en op 4 Maart 1896 as President ingesweer. Die Jameson-inval, wat dit direk vooraf gegaan het, het ongetwyfeld die verkiesing beïnvloed. Hy het nooit gewefel om te sê aan watter kant hy staan nie. Hy is ook onmiddellik gekonfronteer met die imperialistiese kragte wat in Suid-Afrika werksaam was.

Waar hy gemeen het dat die inval van Jameson die gesindheid in die Kaapkolonie laat verander het, het hy na die koms van lord Milner gou begryp uit welke rigting die wind waai. Hy was bereid om met die Britse kolonies in Suid-Afrika saam te werk, maar telkens as die imperialistiese faktor sy verskyning maak, het hy teruggetree.

Die regeringstyd van Steyn is grotendeels in beslag geneem deur die krisis in Transvaal. Spoedig na sy verkiesing het hy president Kruger vir die eerste keer te Viljoensdrif ontmoet, waar weersydse agting en vertroue dadelik ontstaan het. In Maart 1897 word tydens 'n konferensie te Bloemfontein die politieke verbond tussen die twee republieke verder uitgebrei deur die toevoeging van 'n klousule waarvolgens die twee state mekaar sou raadpleeg in alle sake wat tot 'n oorlog met Engeland kon lei.

So het Steyn direkte insae in die probleme van die Zuid-Afrikaansche Republiek gekry. Telkens dring hy daarop aan dat Transvaal alle haakplekke met Engeland uit die weg moet ruim en wat die Uitlander-stemregkewessie betref, raai hy die Krugerregering telkens aan tot toegewings en



M. J. Steyn
Staatspresident

meer soepelheid. As laaste poging het hy Kruger en Milner met die Konferensie van Bloemfontein in Mei 1899 bymekaar gebring. Ook dit misluk.

Ook vir Steyn het dit ten slotte duidelik geword dat die Britse beleid die anneksasie van Transvaal beoog, niks minder nie. Ten slotte gee hy sy toestemming tot die oorhandiging van die Transvaalse ultimatum aan Engeland. By hom was daar nooit twyfel oor die plig van die Oranje-

Vrystaat nie. „Ik verlies liever de onafhankelĳkheid van den Vrijstaat met eer dan die te behouden met oneer en ontrouw.”

Tydens die oorlog was Steyn „die siel van die vryheidstryd”. Na die inname van Bloemfontein was sy regering „te velde”, meestal saam met die kommando van generaal De Wet. Hy maak al die ontberings van die oorlog mee. Sy teenwoordigheid was ’n voortdurende inspirasie. Teen die proklamasies van Roberts en Kitchener, die „papierbomme”, het hy voortreflike teenproklamasies uitgevaardig. Telkens het hy Transvaal aangeemoedig tot groter volharding en ook beswaar gemaak as die Transvalers met die vyand onderhandel sonder om die Vrystaat te raadpleeg.

Toe die finale vredesonderhandelinge in April 1902 aangeknop word, was hy reeds ernstig siek. Aan die finale vredesberaad te Vereeniging kon hy nie meer deelneem nie. Hy neem roerend afskeid van sy strydmaakkers en gaan vir mediese behandeling na Krugersdorp waar die bitter nuus van die vredesluiting aan hom meegedeel is.

Hierna vertoef Steyn van Junie 1902 tot Januarie 1905 in Europa, waar hy langsamerhand herstel, maar tog nooit weer heeltemal nie. Hy vestig hom hierna op sy plaas „Onze Rust”, naby Bloemfontein, waar hy ondanks swak gesondheid tog nog die vinger op die polsslag van sy volk hou. Veel het hy in die jare van insinking bygedra tot die rehabilitasie van die Afrikanervolk. Hy is ’n krag in die C.N.O.-beweging, in die politieke herlewing, in die kulturele ontwaking. Op die Nasionale Konvensie in 1909 lewer hy ’n wesenlike bydrae tot die erkenning van Hollands in die Uniegrondwet. Hy is die inspirasie agter die oprigting van die Vrouemonument. Tydens die Rebelle het rebelle-leiers sowel as die regering by hom aangeklop. Met dit alles het die liggaamskragte steeds afgeneem. Die einde was skielik: terwyl hy ’n vrouevereniging te Bloemfontein toegesprek het, het hy inmekaar gesak.

— Prof. F. J. DU T. SPIES.

„PRESIDENTE”
VAN DIE KLEINER REPUBLIEKE

N. C. GEY VAN PITTIUS

L. J. MEYER

S. PARKER

G. J. VAN NIEKERK

ADMINISTRATEUR

N. C. GEY VAN PITTIUS



(April 1837 – 12 Januarie 1893)

N. C. Gey van Pittius

DAAR is betreklik min mense wat jou uit die vuis uit iets oor Nicolaas Claudius Gey van Pittius sou kon vertel. Hy is een van die „vergete” persoonlikhede wat so vaagweg met die Transvaalse Suidwesgrens in die jare ná Majuba verbind word; soms word hy selfs, heeltemal verkeerdelik, onder die geleedere van die Suid-Afrikaanse „presidente” gereken.

In werklikheid het hy wel aan die hoof gestaan van die uitvoerende „Bestuur” van die kortstondige „Republiek Land Goosen”, maar die titel wat hy gevoer het, was eerstens dié van die amp wat hy dwarsdeur die bestaan van die klein republiek beklee het, naamlik Voorsitter van die Bestuur, na Augustus 1884 gewysig tot „Administrateur van Land Goosen”.

Oor Gey se vroeëre lewe is nog nie behoorlik ondersoek gedoen nie. Al wat ons dus van sy afkoms weet, is dat hy waarskynlik in April 1837 in die distrik Prins Albert (waarskynlik by Letjesbosch in die Karoo) gebore is. Sy vader was Jan H. F. E. R. C. Gey van Pittius — onder sy

tydgenote as Hendrik Gey bekend — en sy moeder was Maria Strumpfer. Die familie is afkomstig uit Zalt-Bommel in Nederland.

Hoewel Gey as jong man van 25 jaar in 1862 na Transvaal verhuis het, kom hy eers onder die aandag wanneer daar aan die Transvaalse Wesgrens in die tweede helfte van 1881 struweling uitbreek tussen verskeie Eantoe-hoofde (Tswana en Korana), ongeveer op dieselfde tydstip toe die Pretoria-Konvensie die Transvaalse onafhanklikheid bevestig het en die Transvaalse Wesgrens nog nie finaal afgebaken was nie.

Die onmin tussen die stamme het ontplooi in gelyktydige botsings. Dié in die noordelike deel was tussen Mafeking se Rolong-hoof, Montshiwa, en Kunwana se Rolong-hoof, Moshwêtê. As gevolg van hierdie „oorlog” ontstaan die Republiek Land Goosen waarby N. C. Gey van Pittius betrokke was. Die rusie in die suidelike sektor was weer tussen Mankurwane, Tlapinhoof van Taungs, en David Massouw Riet Taaibosch van Mamusa (vandag Schweizer-Reneke); daaruit kom die Republiek van Stellaland voort, waarby Gey se tydgenoot, G. J. van Niekerk, weer die vernaamste rol gespeel het.

Teen Januarie 1882 tree Gey op die toneel as leier van die sowat 240 vrywilligers wat 'n ooreenkoms aangaan met Moshwêtê om hom teen Montshiwa van Mafeking te help, in ruil vir plase in die gebied wat van die vyand verower sou word. Gey en sy manne voer hul „oorlog” teen Mafeking met sukses en daar word intussen 'n Bestuur gekies (ook bekend as Uitvoerende Raad of Raad van Bestuur) waarvan Gey die Voorsitter word en tegelykertyd die verteenwoordiger van Moshwêtê in die onderhandelinge met Mafeking. Nadat Montshiwa verslaan is, vaardig Gey 'n proklamasie uit waardeur grense vir die gebied „Land Goosen” aangedui word en hy met sy Bestuur as regering optree, eers met „Fort Willem” as setel, later van Rooigrond af, 'n klein plekkie op die Transvaalse grens.

Gey speel 'n bedrywige rol in die jare 1883 en 1884, soos afgelei kan word uit die argief van die Bestuur wat in die Transvaalse Argiefbewaarpark in Pretoria tereg gekom het en later uit verskillende bronne aangevul is — altesame sowat 25 bande. Trouens, Gey het self enkele jare ná sy republiekie opgehou het om te bestaan, in Mei 1887 na Pretoria gestuur af wat hy aan dokumente nog onder sy sorg gehad het. Daaruit blyk dat hy 'n eenvoudige maar doeltreffende administrasie aan die gang gehou het wat onder meer krygsoperasies onderneem het, individuele aansprake op grond behartig het, briefwisseling gevoer het met sowel die Zuid-Afrikaansche Republiek (by wie Gey van die begin graag sy gebied ingelyf sou wou gehad het), as met die aangrensende Stellallanders aan die suidekant, met wie lang onderhandelinge gevoer is om die twee Boere-republiekies te verenig, veral toe die tekens van druk van Britse kant teen hul bestaan begin toeneem het. Gey se Rooigronders het selfs hul eie vlag gehad: „Groen teen den mast en dwars er teen Zwart, Wit en Rood onder elkander”. Sover bekend, is daar tot vandag toe g'n voorbeeld van so 'n vlag bekend of bewaar gebly nie. Ook nie van die Gooseniete se wapen

nie, wat omstandig beskryf is as „de opgaande Zon, achter de lage Heuvelen, met doornbosschen begroeid, verrijzende en de nevelen voor zich verdrijvende; in het midden op den voorgrond staat een boerentrek met wagen en tent, terwijl aan de linkerzijde het lichtschuwe ongedierte vlucht voor de stralen der Zon, vertegenwoordigd door een Leeuw, een Wolf en een Jakhals, eenige Kaffers mede aan de linkerzijde die uit hunne hutten te voorschijn komen en verbaasd het licht aanschouwen; drijft de boer uit zijn trekkraal rustig zijn vee, beesten en schapen en paarden, uit naar de weide”. Uit 'n ruwe skets lyk dit of die landsleuse dan sou gewees het: „Zon der gerechtigheid bestraal ons”.

Hoewel Land Goosen van Britse kant aanvanklik nie soveel aandag gekry het as Stellaland nie, bring allerlei verwickelinge in 1884 mee dat die swartepunt van wat nou die „Betsjoeanalandkwessie” begin heet, verskuif na Gey en sy Gooseniete. Hulle kry van Engelse kant die onvleiende naam van rowers en vrybuiters wat teen Mafeking aggressie pleeg en die „weg na die binneland” wil versper in stryd met die Londense Konvensie van Februarie 1884 wat van Betsjoeanaland 'n Britse protektoraat maak.

Hoewel Gey in Augustus die benaming „Administrateur” aanneem en hard probeer om die saak te red deur ter elfder ure die Kaapse ministers Upington en Sprigg in November 1884 te ontvang om oor inlywing by die Kaapkolonie te praat, was die koeël deur die kerk. Met sterk steun van die imperiaalgesinde Kaapse opposisie word uit Engeland 'n militêre ekspedisie onder sir Charles Warren gestuur om die Britse gesag tot aan die Molopo te vestig en die Transvaalse Wesgrens (wat die twee vrywilliger-republiekies albei nou deursny het) te handhaaf. Gey en sy mense moes padgee; lank voor Warren nog Rooigrond bereik, het hulle op aandrang o.a. van president Kruger, al teen Desember 1884 Land Goosen ontruim. Die Britse ekspedisie sou eers in Maart 1885 daar opdaag.

Vir Gey en diegene wat „grondregte” ten wete van die grens verwerf het, het daar nie die minste kans oorgebly om dit ooit weer te laat geld nie. Hy vestig hom later in die distrik Carolina waar hy op die plaas Moddergat in sy ses-en-vyftigste jaar op 12 Januarie 1893 oorlede is.

Na die paar heftige jare wat sy naam bekend gemaak het, het hy hom blykbaar aan die openbare oog onttrek, hoewel hy nog in 1890 as Resident-vrederegter in die distrik Carolina opgetree het.

Interessant is dit om hier by te voeg dat 'n broerskind van Gey, wat dieselfde groot aantal doopname as die grootvader uit Prins Albert se wêreld gedra het, die bekende Transvaalse advokaat en regter Jan Hendrik Frederik Eduard Rudolf Claudius Gey van Pittius was, wat in 1919 die Vryheidsdeputasie van generaal Hertzog en andere na Europa as Sekretaris vergesel het om tydens die Vredeskonferensie te Versailles die toekening van onafhanklikheid vir Suid-Afrika te vra.


— W. J. DE KOCK.

PRESIDENT L. J. MEYER

(19 November 1846 – 8 Augustus 1902)

GENERAAL LUCAS JOHANNES MEYER, „die Leeu van Vryheid”, het veral in die suidoostelike distrikte van Transvaal ’n belangrike rol gespeel. Hy was ’n reus van ’n kêrel, ses voet vyf duim lank en fors gebou. Van sy vroeë lewe is min bekend. Gedurende die Eerste Vryheidsoorlog is hy by Ingogo ernstig gewond. Ná die oorlog was hy ’n tyd lank Landdros van Utrecht.

In 1884 is hy as Kommandant verkies van ’n aantal Boerevrywilligers wat Zoeloeland op versoek van opperhoof Dinuzulu binnegetrek het om rus en orde in sy land te herstel. In Junie 1884 het Meyer met ongeveer 100 burgers en ’n impi van Dinuzulu se krygsmanne vir stamhoof Usibepu van Noordoos-Zoeloeland, wat hom teen die Opperhoof verset het, by Mkuze-



L. J. MEYER

poort verslaan. Die Boere-vrywilligers het daarop die gebied wat hulle as vergoeding van Dinuzulu ontvang het, tot 'n onafhanklike staat, De Nieuwe Republiek, geproklameer, met Meyer as President. In 1888 is die Nieuwe Republiek as die distrik Vryheid by die Zuid-Afrikaansche Republiek ingelyf.

Meyer het een van Vryheid se twee lede van die Eerste Volksraad geword. In 1899 is hy tot Voorsitter van die Raad benoem, en met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog tot Generaal van die Suidoos-Transvaalse kommando's. By Talana (Dundee) was hy die Boere-bevelvoerder, maar gedurende die Slag by Modderspruit (Ladysmith) het hy ongesteld geword en sy jong vriend en mede-Volksraadslid, Louis Botha, het die bevel by hom oorgeneem. Ná sy terugkeer na die front was Meyer in Februarie 1900 bevelvoerder van dié sektor aan die Tugela-linie waar die Britte uiteindelik deurgebreek en Ladysmith ontset het.

Later is hy tot lid van die Transvaalse Regering benoem en was op 31 Mei 1902 'n ondertekenaar van die vredesooreenkoms by Vereeniging. In Augustus 1902 is hy gedurende 'n besoek aan Europa in Brussel ná 'n hartaanval oorlede.

— ANONIEM.

PRESIDENT S. PARKER

(1835—1913)

STAFFORD PARKER is a name that means nothing to the average South African today, but a little over a century ago it was a name to conjure with, a name on everybody's lips on the turbulent Vaal River diamond diggings, where men of all nationalities feverishly sought wealth overnight and disputed the sovereignty of barren acres made suddenly desirable by the promise of great riches.

There was a period of great uncertainty and confusion before Britain asserted her authority over the territory. This was Parker's hour of glory. He emerged as the leader of the Klipdrift diggers whose reaction to Transvaal claims was the establishment of a Mutual Protection Committee, with Parker as President of their New Republic.

This was on July 16, 1870. Parker must have been about 35 years old at the time, if a contemporary, who knew him personally, was correct in saying that he was born at Maldon, Essex, England, in 1835.

The same writer said that Parker joined the Royal Navy at the age of 14 and served for some years in the Mediterranean. This would seem to rule out a suggestion by a modern writer that he was a "Forty-Niner" (a participant in the famous Californian gold rush of 1849).



S. PARKER

Very little appears to be known with any certainty about Parker's antecedents or his early life. In view, however, of his naval service, it is perhaps worth noting in passing that his name is both famous and infamous in the annals of the Royal Navy, having been borne by a Lord of the Admiralty, more than one admiral — and the ex-schoolmaster ringleader of the 1797 Nore mutiny, Richard Parker, who styled himself President and “kept up an admiral's state” before the mutiny collapsed and he was court-martialled and hanged.

Whether Parker had any ties of blood with any of these families does not appear to be known. To return to his career, he seems to have left the Royal Navy and joined the United States Navy and then to have found his way to Simonstown. Leaving the sea, he made his way inland to

Colesberg, joined the Cape Mounted Rifles and married a Miss Sloane.

His marriage apart, Parker must have crammed this varied career into a few short years, for it is said that, by his own account, he had, by 1870, lived 13 years in the region of the diggings. He had become an adviser of Barend Bloem's Korannas, whose headquarters at Hebron were the scene of the earliest diggings. Africans brought him stones, as Bloem's field cornet he regulated relations between the Korannas and the first diggers and he obtained from Bloem for himself and some Cape colonists the concession to mine and trade in Koranna country. Finds at Hebron were, however, few and he and other diggers moved to Klipdrift.

Parker has been described as "this poorly educated, down-and-out ex-sailor living on the fringe of civilization." He may well have been, but he would also seem to have been in many ways a remarkable man. Indeed, he must have been to have won his way to the leadership of the diggers.

This is borne out by several descriptions of him. He is portrayed by one writer as being "tall and wiry, wearing large dark glasses, a high white 'topper' and magnificent whiskers . . . a popular orator affecting a somewhat theatrical yet bluffly modest manner which appealed to the diggers."

A contemporary said he was possessed of an outstanding personality, "the outstanding figure of one born to command . . . at home in any company . . . with Rhodes and J. B. Robinson, one of the really big men in early South African mining history."

A photograph shows him to be an impressive, even an aristocratic figure. Like several of our better known presidents, he was a big man, standing over 6 ft.

Parker and his Committee appear to have meted out rough but effective justice among the diggers, dealing with disputes between Africans and diggers and also with "general breaches of morality." He and his diggers, he is reported to have said, "recognise no superior court or power between the diggings and the boundless main." His own interests widened and he acquired a canteen, ferry service, several stores and mining claims.

Parker was out of office for a while, having resigned his presidency on the grounds that Free State members of the Committee were opposing his policies, and he then looked to the Cape for aid. Later, however, he was re-elected.

Towards the end of the year a representative of British authority arrived and soon the diggers' short-lived New Republic was a thing of the past. Some of the diggers had, even in its brief existence, composed a national anthem, designed a national flag and planned to have a great seal. It was not to be.

Some time after the annexation of Griqualand West Parker left the diggings for the Transvaal. He was Barberton's first market master and at one time had an auctioneer's business in Johannesburg. There he was a well known and respected figure, intimate with mining magnates such as Abe Bailey.

Parker visited England in 1912, returned to South Africa and died in Johannesburg in 1913. It is thought that he may have been buried at Brixton.

Parker had a large family — about 16 — but not all reached maturity. Today only one of his children is living, a Mrs. Fewster, reputedly over 80 years of age.

Parker's uncommon Christian name of Stafford may one day be of help in tracing his ancestry. It has been handed down in the family. One of his sons bore it and he in turn handed it on to his son, living today in Johannesburg.

As a footnote, it is not without interest that Parker figures briefly in Daphne Rooke's novel, "Diamond Jo," being described erroneously as an American.

W. S. ROBERTSON.

ADMINISTRATEUR


G. J. VAN NIEKERK

(6 Julie 1849 – 23 Oktober 1896)

In die Ou Kerkhof in Pretoria, nie ver van Paul Kruger se laaste rusplek nie, staan die marmersuil wat die stoflike oorskot dek van „president” Gert van Niekerk van die Boererepubliek Stellaland. President was hy na regte nooit; hy het soos sy tydgenoot, N. C. Gey van Pittius van die Republiek Land Goosen, hoogstens die titel „Administrateur” gedra; sy politieke rol was baie kort en ook betreklik onskouspelagtig, maar terwyl hy in die middelpunt van die gebeure rondom Vryburg meer as tagtig jaar gelede gestaan het, was daar onverwagte en soms dramatiese gebeure in die buurt van die Hartsrivier.

Gerrit Jacobus van Niekerk is op 6 Julie 1849 gebore op die plaas Poortje in die distrik Fauresmith, minder as ’n jaar nadat die Slag van Boomplaats tussen Andries Pretorius en sir Harry Smith in daardie kontrei plaasgevind het.

Toe hy negentien jaar oud was, is hy getroud met Hester Cecilia Roos (wat vyftien was) en in 1879 het hy begin boer op die plaas Kromellenboog, tussen Bloemhof en Christiana. Daar het hy en sy vrou ook ’n winkeltjie aangehou. Deur harde werk en ’n bietjie geluk op die delwerpe het Van Niekerk goed vooruitgekom. Hy word eienaar van die plaas Niekerksrust aan Hartsrivier (sy woonplek) en mettertyd het hy agt plase in Wes-Transvaal besit, waaronder Zorgvliet (Hester-halte) aan Hartsrivier wat



ná die gebeure in Stellaland aan hom toegeken is deur president Kruger.

Van voorkoms was hy 'n kort en gesette jongman, fris van postuur, en nog slegs twee-en-dertig jaar oud toe 'n ou twis tussen die Tlapinhoof Mankurwane van Taungs en die Koranahoof Massouw van Mamusa (nou Schweizer-Reneke) tot oorlog aanleiding gegee het en Van Niekerk hom skielik in die middelpunt van die verwickelinge bevind het.

Hy is van die begin van 1882 betrokke by die organisasie van Boerevrywilligers (byna almal Transvaalse burgers) wat met David Massouw Riet Taaibosch 'n ooreenkoms aangaan om hom in ruil vir grond wat verower sou word, teen sy vyand Mankurwane van Taungs te steun. Vir die ongeveer 300 vrywilligers was daar die vooruitsig om benewens 'n verdeling van vee wat gebuit sou kon word, elk 'n plaas van 3,000 morg vir sy dienste te kry, en twee plase vir die nabestaandes van gesneuwelde vrywilligers.

Soos dit met Montshiwa van Mafeking in die noordelike „Land Goosen” gegaan het, word Mankurwane deur die vrywilligers teen Julie 1882 verslaan en staan hy en Massouw saam grond af aan die „Wollentiers” wat omskep word in die gebied „Stellaland” met 'n nuwe dorp Vryburg (op twee plase in 1882 aangelê wat saam 6,000 morg groot was).

Reeds van Februarie 1882 ontstaan daar 'n Bestuur waarvan Van Niekerk Voorsitter is, en word die nodige bestuursinstellings geskep, wat vroeg in 1883 op 'n nuwe grondslag geplaas word.

Van die begin het die Britse owerheid Van Niekerk se mense met misnoeë dopgehou en is uit Kaapstad te kenne gegee dat daar 'n verbreking van die Pretoria-Konvensie deur Transvaalse burgers aan die gang was. Inderdaad was Van Niekerk deurgaans met Pretoria in verbinding, veral met generaal Piet Joubert, maar die Z.A.R. het nie regstreeks aan die Suidwesgrens ingemeng nie.

Van Niekerk se 320 man loot erwe uit en deel 420 plase uit in „de nieuwe republiek in Mankurwane's land” en hy word in April 1883 die „Administrateur” van die nuwe gebied wat meteens sy regeringsvorm op skrif stel, kompleet met 'n Volksraad en die voorneme om ook 'n grondwet te aanvaar. Die plan was klaarblyklik om 'n ordelike republiek op te rig wat na buite 'n goeie indruk moes skep, en dit het ook gebeur, soos die argiefstukke van Stellaland uitwys.

Onweêr het egter in die loop van 1883 al teen Van Niekerk begin opsteek: die sendeling John MacKenzie het heftig in Engeland geagiteer om Boere-optrede teen die Tlapin en Rolong deur Imperiale tussenkoms te keer, en Cecil Rhodes, lid van die Kaapse Parlement, het met die oog op sy toekomstdroom van noordwaartse uitbreiding van Britse gesag, 'n ewe aktiewe veldtog begin in belang van die „sendelingpad” na die binneland wat hy nie wou laat versper deur Boere wat hy beskou het as voorlopers van 'n Transvaalse poging om Betsjoeanaland te vat nie.

Die verskil tussen MacKenzie en Rhodes was egter dat die een Downingstraat wou inroep om die Boere te stuit, en die ander die Kaapse regering wou gebruik om Betsjoeanaland te absorbeer. Rhodes het eerste punte aangeteken; hy het Van Niekerk se mense verdeel in 'n groep wat by die Kaapkolonie ingelyf wou word, en die ander (soos Van Niekerk self) wat liever by Transvaal wou kom, mits Paul Kruger die saak van die Wesgrens met Brittanje kon reël by die onderhandelinge wat juis teen die einde van 1883 in Londen begin het.

Intussen het Van Niekerk nie alleen geprobeer om Stellaland en Land Goosen te verenig nie, maar op 6 Augustus 1883 deur proklamasie formeel die Republiek Stellaland uitgeroep, met bekendmaking van sy grense wes van die „Konvensie-lyn”. Hy self bly „Administrateur”, en die republiek kry selfs (soos in Land Goosen gebeur het) 'n eie vlag, volgens een beskrywing 'n groen baan met 'n ster (simbool van Stellaland) in die middel. Daar is vandag nog twee verskillende Stellalandse vlae te sien, een op Vryburg en die ander in die Boomstraatse Museum in Pretoria. Maar in albei kom die ster voor. Daar was ook 'n ontwerp vir 'n taamlik ingewikkelde landswaapen waarop onder meer vlae voorgekom het.

In Februarie 1884 is deur president Kruger in Londen die Konvensie onderteken waarkragtens die Transvaalse Wesgrens só bepaal is dat 'n gedeelte van Stellaland binne Transvaal maar die grootste gedeelte daar-

buite sou val. En wat daarbuite val—in sowel Stellaland as Land Goosen—was outomaties ’n Britse Protektoraat. Dus word die jaar 1884 vir Gert van Niekerk ’n tyd van ongewone sparteling om te red soveel as hy kon deur aansluiting by Transvaal of die Kaapkolonie, en om in elk geval die Stellalanders se grondregte te probeer verseker. Sonder om die ingewikkelde gebeure op die voet te volg, kan daar kortweg volstaan word deur te sê dat Van Niekerk na onderhandeling met verskeie afgesante soos MacKenzie, Graham Bower en Rhodes, en uiteindelik met die Kaapse ministers Sprigg en Upington, sy republiek nie kon red nie. ’n Britse ekspedisiemag onder sir Charles Warren word gestuur om die Konvensie van 1884 af te dwing en terselfdertyd die republieke Stellaland en Land Goosen weg te veeg.

Hoewel Van Niekerk in Vryburg gebly het tot Warren se koms op 14 Februarie 1885, het dit hom suur bekom. Warren het hom laat arresteer, saam met sy vriend „Groot Adriaan” de la Rey en S. P. Cilliers, op aanklag van moord op ’n gerugte perdedief. Eers maande daarna is hy vrygelaat, en kon hy na sy plaas in Transvaal terugkeer.

Al het Van Niekerk hom meer as drie jaar aan die sake van Stellaland gewy, was daar onder sy mense baie wat wel sy goeie hoedanighede erken het, maar hom tog as ’n weifelaar beskou het. Soos een dit gestel het: „Een man van groote bekwaamheden, maar heerszuchtig en geslepen, beter op zijn plek in het kantoor dan op het slagveld” Deur sy „beschroomde houding” in die krisis van 1884, en sy neiging „om de kastanjes door een ander uit het vuur te laten halen”, sou hy dan Stellaland se kans verspeel het.

Toe sy rol in Vryburg verby was, het die gewese „Administrateur” hom op sy groot plaas Niekerksrust van 2,617 morg aan Hartsrivier gevestig, waar hy in 1885 ’n nuwe woonhuis opgerig het. In September 1885 word hy deur die Transvaalse regering aangewys om kommandant Henning Pretorius (van die Staatsartillerie) op te volg as Grenskommissaris vir die finale afbakening van die suidwestelike grens en as Kommissaris van Naturellesake vir die distrik Bloemhof.


Hy word in 1893 aangestel as Kommissaris van Polisie in Pretoria en word so die buurman van president Kruger omdat sy woning en kantoor vlak langs die Presidentswoning was. Van Niekerk het in sy nuwe werkring goeie werk gedoen, veral in die dae net vóór en tydens die Jameson-inval toe daar selfs sprake was dat president Kruger persoonlik in gevaar sou verkeer.

Op 23 Oktober 1896 is hy egter na ’n sware lyding van enkele weke aan rumatiek en ’n niersiekte oorlede toe hy maar pas in sy ses-en-veertigste jaar was. Hy is op Saterdag 24 Oktober 1896 uit sy huis langs die Presidentswoning begrawe; dit was ’n polisiebegrafnis, met volle erbetoon en onder die baie huldeblyke was daar ’n krans van sir Thomas Upington, gewese Eerste Minister van die Kaapkolonie, wat hom in Stellaland leer ken het.

— W. J. DE KOCK.

PRESIDENTE
VAN DIE ZUID-AFRIKAANSCH E REPUBLIEK

M. W. PRETORIUS
W. C. JANSE VAN RENSBURG
T. F. BURGERS
S. J. P. KRUGER



M. Pretorius

PRESIDENT M. W. PRETORIUS

(17 September 1819 – 18 Mei 1901)

MARTHINUS WESSEL PRETORIUS, eersteling van die Voortrekker-leier Andries Pretorius en Christina de Wit, is gebore op Pretoriuskloof naby Graaff-Reinet. Hy neem deel aan die Slag van Bloedrivier, en trou in 1841 met Aletta Smit, weduwee van F. A. Smit. In 1848 trek hy na Transvaal en volg sy vader in 1853 op as Kommandant-generaal.

M. W. Pretorius het hom sterk beywer vir 'n verenigde Republikeinse staat noord van die Oranjerivier met 'n seehawe aan die ooskus en hy probeer derhalwe om die Transvaal en die Vrystaat te verenig, die regionaal-politieke groepe binne die Transvaal, (Potchefstroom, Zoutpansberg, Utrecht en Lydenburg) tot eenheid te bring onder 'n behoorlike konstitusie; sentrale regering en geskeide wetgewende, uitvoerende en geregtelike gesag. In die uitvoering van hierdie ideale tree hy egter ontaktfol, oorhaastig en onkonstitusionel op en bring daardeur chaos en verdeeldheid in die Republikeinse Noorde.

In 1857 word hy tot die eerste Transvaalse President onder die nuwe grondwet verkies, maar op onkonstitusionele wyse waarop Lydenburg en Zoutpansberg hulle tot *de facto* selfstandige Republikeinse gemeenskappe omvorm het. Toe hy die Vrystaat in 1857 opgeëis het, het dit byna tot oorlog met die susterstaat gelei, waarin Zoutpansberg en Lydenburg hulle ten gunste van die Vrystaat verklaar het, met wie se hulp hulle gehoop het om die gesag van Pretorius omver te werp. Na die totstandkoming van die Vaalriviertraktaat waardeur die selfstandigheid van die Vrystaat erken is, het Pretorius versoenend opgetree en in 1858 en in 1860 kom eenheid tot stand in die Transvaal deurdat Zoutpansberg en Lydenburg-Utrecht die grondwet aanvaar het.

In 1858 verleen hy hulp aan die Vrystaat teen die Basoeto's onder voorwaarde dat vereniging met die Transvaal plaasvind, maar toe dit lyk asof dit sou deurgaang, het sir George Grey dit verhinder met sy verklaring dat die twee Konvensies sou verval indien vereniging plaasvind. Dit het die Transvalers afsydig daarteen gemaak, maar in 1859 kies die Vrystaat Pretorius tot hul President, 'n amp wat hy aanvaar. Dit lei egter nie na vereniging, soos hy gehoop het nie, maar tot sy bedanking wat 'n burgeroorlog in die Transvaal in sy sleep gebring het. Pretorius het die betrekkinge met die Basoeto's probeer verbeter, invoerregte (sonder sukses) van die Kolonie probeer loskry en voortdurend probeer bemiddel tussen die Tranvaalse burgertwiste ten einde die konstitusionele verwarring te beëindig. Sy presidentskap van die Vrystaat was nie 'n sukses nie en hy bedank in 1863. In 1864 word hy weer tot President van die Transvaal verkies waardeur die volkstwiste beëindig word.

As President probeer Pretorius om nuwe wette in te voer, maar ondervind onwilligheid van die burgers. In 1865 verleen hy hulp aan die Vrystaat teen die Basoeto's in die Tweede Basoeto-oorlog en beveg in 1867-69 die opstandige Bantoesamme in Noord-Transvaal. Schoemansdal is in 1867 prysgegee en eers in 1869 is die vrede met behulp van die Swazi's herstel. Hy het sonder sukses probeer om 'n seehawe vir sy Republiek te kry. In 1868 het hy die grense na die weste en ooste uitgebrei (om die Tati-goudmyne en die see suid van Lourenço Marques in te sluit), maar die proklamasie is deur die Britse regering verbied. Hy aanvaar die arbitrasie van Keate in 1870 wat die Kliprivier as grens tussen die twee Republieke aanwys. Die Republiek ervaar al meer aanvalle van goewerneur Barkly en die Britse pers en word van slawerny en mishandeling van die inboorlinge beskuldig. Pretorius oorweeg 'n sending na Europa om die waarheid mee te deel, maar hiervan kom niks.

Met die ontdekking van diamante op Transvaalse bodem (Vaal-Hartsdriehoek) hanteer hy die Transvaalse belange op so 'n onbeholpe wyse, dat Keate, wie hy as arbiter oor die benede-loop van die Vaalrivier aanvaar het, groot dele van die Republiek aan die nie-blankes toewys. Daardeur verloor die Transvaal sy diamantvelde en word Pretorius deur die Volksraad verplig om in November 1871 te bedank.

Gedurende die jare 1877-1881 het M. W. Pretorius weer na vore getree en lid van die Driemanskap geword. Daarna verdwyn hy van die toneel as politieke figuur. Op 18 Mei 1901 is hy op Potchefstroom oorlede waar 'n grafmonument vir hom op 4 Oktober 1913 onthul is. Voor die Pretoriase stadshuis is 'n standbeeld van hom opgerig.

— F. A. VAN JAARVELD.

PRESIDENT

W. C. JANSE VAN RENSEBURG

(16 Mei 1818 – 13 Augustus 1865)

DIE ouers van Willem Cornelis Janse van Renseburg was Hendrik, gedoop 4 November 1759, en Martha Magdalena Scheepers, weduwee van Gerhardus Oosthuizen met wie hy op 2 September 1804 hertrou is toe hy Veldkommandant van Uitenhage was.

Hendrik was 'n bekwame en invloedryke leiersfiguur, iemand met



Sover bekend, bestaan daar geen foto of voorstelling van pres. Van Rensburg nie. Sy seun, L. W. C. Janse van Rensburg (foto langsaan) het sy vader beskryf „as 'n besonder rysige gestalte wat volgens die familielede wat hom geken het, en ander, veel ooreenkoms had met homself. Hy is 6 voet 6 duim; sy vader was 6 voet 3 duim lank.”

Preller, Gustav S.: Voortrekkermense, IV,
bl. 160/1.

L. W. C. Janse van Rensburg

„verstand en veel ambitie”, wat oor 'n lang tydperk 'n aktiewe en leidende rol op die oosgrens gespeel en in Januarie 1806 ook aan die Slag van Bloubergstrand deelgeneem het. Uit sy tweede huwelik met die niggie van sy eerste vrou, is ses kinders gebore waarvan die tweede jongste, Willem Cornelis, gebore op 16 Mei 1818, op 2 Februarie 1819 deur ds. Taylor van Beaufort-Wes gedoop is. Sy testament is op 21 September 1828 op „Brakkefontein”, distrik Somerset-Oos, opgestel alwaar hy voor 14 November 1828 oorlede is. In 1790 het die gesin op „Hoekoe” en in 1803 op „Van Stadensdam” gewoon.

Volgens die testament sou „Brakkefontein” na die langsliewende gaan en na dié se afsterwe sou Lucas, ’n seun uit Hendrik se eerste huwelik, die woonplaas vir 1,000 riksdaalders kry op voorwaarde dat hy vir die vier onmondige kinders, gebore tussen 1810 en 1821, sou sorg. Aangesien Lucas aan die Groot Trek deelgeneem het, is dit waarskynlik dat die onmondige Willem in geselskap van sy ouer broer en voog getrek het.

Sover bekend het drie Van Rensburg-gesinne in 1836 in die Colesberg-distrik by die Potgieter-trek aangesluit en waarskynlik in Desember 1837 saam met die Maritz-trek Natal binnegetrek. Op 17 Februarie 1838 het hulle uit hul aparte laertjie gevlug en as vassekerdes op Rensburgkoppie, onder aanvoering van kommandant Hans van Rensburg en met die tussenkoms van Marthinus Oosthuizen, die moorde langs die Boesmansrivier oorlewe.

In 1840 woon Willem met sy gesin in die Potchefstroomse omgewing, verhuis in 1845 saam met hoofkommandant Potgieter na Andries-Ohrigstad, keer in 1848 terug na die Potchefstroom-distrik, trek vir meer as vyftien maande heen en weer sonder vaste tuiste en vestig hom uiteindelik vroeg in 1850 op Kafferskraal Nr. 915, geleë aan die Sterkstroom en aan die transportpad tussen die latere Rustenburg en Pretoria.

Willem is in 1838 getroud met Elizabeth Maria Jacoba du Plessis, gebore op 31 Oktober 1819. Die egpaar het twaalf kinders gehad waarvan die oudste op 19 Februarie 1839 gebore is en net vyf seuns en een dogter die volwasse leeftyd bereik het.

Na Willem se dood op 13 Augustus 1865 is sy weduwee met die heer Breet hertroud. Sy is op 6 Augustus 1895 oorlede en lê langs haar eerste man op Kafferskraal begrawe.

Van Renseburg, ’n rysige gestalte van ses voet drie duim, is in 1850 op 32-jarige leeftyd verkies tot Volksraadslid vir die wyk van veldkornet Louis van Wyk. In Maart 1853 is hy vir ’n tweede termyn gekies. Met die verkleining van die Volksraad tot twaalf lede, drie vir elke distrik, is hy weer gekies en wel as ’n lid vir die nuwe Rustenburg-distrik. Op sy eie versoek het hy in Junie 1855 sy ontslag as Volksraadslid gekry.

As amplose burger spits hy hom daarna toe op sy boerdery en hou hom verder ook besig met togry. In 1857 word hy deur kommandant-generaal Stephanus Schoeman as Provisionele Kommandant aangestel en begin intussen ook weer aan ander openbare sake aandag gee.

In Februarie 1858 word hy vir enkele dae weer as Volksraadslid ingesweer en vanaf 18 Februarie word hy Lid van die Uitvoerende Raad. Daarna is hy op een stadium deur Schoeman as Assistent Kommandant-generaal aangestel.

Hy het ’n aandeel gehad in die verenigingssooreenkoms tussen die Republiek Lydenburg en die Zuid-Afrikaansche Republiek in 1859. Hy was ’n lidmaat van die Nederduitsch Hervormde Kerk, maar het simpatiek gestaan teenoor die pasgestigte Gereformeerde Kerk se opdraende stryd om erkenning. Teenoor M. W. Pretorius se pogings om die Oranje-Vrystaat en

die Zuid-Afrikaansche Republiek te verenig, het hy egter afsydig gestaan.

In die afwesigheid van Pretorius, na sy aanvaarding van die presidentskap van die Oranje-Vrystaat, het Van Renseburg op die voorgrond getree in opposisie teen Schoeman en sy volgelinge en met behulp van kommandant Paul Kruger het hy 'n stabiliserende en koersvaste rol in die politieke chaos van die burgerstryd gespeel.

In November 1860 het J. H. Grobler as Waarnemende President bedank nadat hy vanaf Februarie dié pos beklee het en van toe af het Schoeman as President begin waarneem. Terselfdertyd het hy as Kommandant-generaal bedank en vir Van Renseburg as Waarnemende Kommandant-generaal benoem.

In 1861 is Van Renseburg nie vir 'n verdere termyn as Uitvoerende Raadslid deur Schoeman aangestel nie. Schoeman is op 2 April van dieselfde jaar deur die nuutverkose Volksraad as Waarnemende President ingesweer. Tot in November 1862 was daar voortdurend woelinge en onrus in die Republiek en is Van Renseburg op een stadium deur die Schoemangesindes uit Pretoria verjaag.

Na die Vredesluiting in November 1862, is Van Renseburg in April 1863 met meerderheid van stemme tot President verkies maar hy wou om verskillende redes die presidentskap nie aanvaar nie. Hy is deur die Volksraad vir die „schoone handeling” geloof, het daarna nog tydelik as President waargeneem en in 'n nuwe verkiesing wat vir Oktober 1863 uitgeskryf is, het hy weer 'n keer die meerderheid van stemme gekry en is hy op 23 Oktober as President ingesweer.

In November 1863 het daar ongelukkig weer 'n uitbarsting in Potchefstroom gekom toe Schoeman, M. W. Pretorius, Hans Steyn en hulle volgelinge gewapend aan die Vaalrivier bymekaargekom en Schoemangesindes kort daarna Van Renseburg weer 'n keer uit Pretoria verjaag het. Na gevegte in Potchefstroom het die finale kragmeting op 8 Januarie 1864 tussen die Volksleër onder aanvoering van kommandant Jan Viljoen van Marico en die Staatsleër onder aanvoering van kommandant-generaal Paul Kruger en president Van Renseburg op Swartkoppies aan die Krokodilrivier naby die teenswoordige dorp Brits plaasgevind. Daar het die Volksleër die neerlaag gely en in die rigting van Silkaatsnek op die vlug geslaan. Vredesonderhandelinge het vanaf 9 tot 14 Januarie onder 'n groot kareeboom in daardie buurt gevolg en daar is ooreengekom dat Van Renseburg aan bewind sou bly tot met 'n nuwe, deeglik-gereelde, presidentsverkiesing in Maart. Pretorius is toe met 'n meerderheid van stemme verkies en op 9 Mei as President ingesweer.

As 'n sieklike man, en moontlik ook teleurgesteld in die gang van sake, het Van Renseburg hom op Kafferskraal gaan vestig waar hy in 1865 op 47-jarige ouderdom oorlede is. Nakomelinge van president Van Renseburg en sy broers woon vandag nog op die ou familieplaas en op ander plase in die omgewing.

— H. M. REX.



John Murray

PRESIDENT T. F. BURGERS

(15 April 1834 – 9 Desember 1881)

THOMAS FRANCOIS BURGERS was die jongste seun uit die derde huwelik van Barend Jacobus Burger, 'n Graaff-Reinette veeboer, met Elizabeth Magdalena Theron. In die skool op Graaff-Reinet word die jong, intelligente boerseun byna verengels deur goewerneur Somerset se Skotse onderwysers, maar hy herwin enigermate sy ewewig in Utrecht, Nederland, waar hy van 1853-1858 teologie bestudeer. Hy ontwikkel as student 'n sterk kritiese sin en bou vir hom 'n eie denke op waarvan hy moeilik sou afsien en wat hom in botsing met andere sou bring. Terug in sy vaderland bedien hy en sy Skotse vrou, Mary Bryson, die N.G. Gemeente Hanover. Hier raak Burgers in 'n hewige kerkstryd betrokke, word hy deur die Kaapse Sinode geskors en beroep hy hom op die Hooggeregshof, wat in sy guns beslis.

Op aanbeveling van president Brand (Vrystaat) word Burgers tot President van die Zuid-Afrikaansche Republiek verkies en op 1 Julie 1871 lê hy die ampseed af. Op hierdie tydstip was die Zuid-Afrikaansche Republiek in alle opsigte in 'n swak en agterlike toestand. Burgers lê hom dus as Staatshoof daarop toe om die administrasie op te knap deur Hollandse amptenare in te voer; die staatsfinansies te verbeter; die Keateuitspraak, waardeur die Republiek diamantdraende grond verloor het, ongedaan te maak; die onderwys op 'n gesonde grondslag te plaas; en die minerale rykdom te ontwikkel, waarvoor hy 'n spoorweg na Delagoabaai onontbeerlik ag.

Met so 'n progressiewe plan het Burgers gehoop om van die Zuid-Afrikaansche Republiek 'n sterk en vooruitstrewende staat te maak. Weliswaar doen hy goeie en blywende werk, maar hy misluk ook in menige opsig. Sommige hervormings was onnodig en het slegs gedien om die burgers om te krap — sy plan om die vlag en wapen te wysig is 'n voorbeeld hiervan. Met ander van sy drastiese en haastige hervormings was hy sy tyd ver vooruit — die spoorwegplan byvoorbeeld. Burgers was te idealisties vir die tyd waarin hy geleef het. Hy het nie met die werklikheid rekening

gehou nie en het die konserwatiewe uitkyk van die Transvalers misken. Baie van sy ideale, onder ander van 'n verenigde Suid-Afrika, is eers na sy leeftyd verwesenlik.

Tog was Burgers nie vir al die mislukkings aanspreeklik nie. Dikwels het die Transvaalse burgers en selfs die Volksraad onnodige teenkantiing gebied. Daar was ook omstandighede buite sy beheer, soos die Sekoekoeni-opstand en die daaropvolgende Britse inmenging. Op 12 April 1877 hys Theophilus Shepstone die Britse vlag in Pretoria en word Burgers se presidentskap beëindig. In hoeverre Burgers wetend of onwetend in Shepstone se hand gespeel het, is 'n vraag wat nog nie afdoende beantwoord is nie.

Na die anneksasie het Burgers gebroke en siek — hy het reeds lank probleme met sy milt ondervind — sy laaste lewensjare eers in Kaapstad en daarna op plase in die distrikte Hanover en Richmond deurgebring. Op 26 November 1895 het die Transvaalse regering sy oorskot in die Ou Kerkhof, Pretoria, herbegrawe. 'n Standbeeld van Burgers is in Burgerspark (na hom vernoem), Pretoria, opgerig.

— Dr. M C. VAN ZYL.

PRESIDENT S. J. P. KRUGER

(10 Oktober 1825 – 14 Julie 1904)

STEPHANUS JOHANNES PAULUS KRUGER, derde kind van die trekboer Casper Kruger en Elsie Steyn, het die eerste lewenslig op die plaas Bulhoek in die Kaapkolonie op 10 Oktober 1825 aanskou. Dié datum sowel as plek word egter deur wyle professor C. J. Uys betwis. Weens die oorlye van sy moeder toe hy maar agt jaar oud was, is die jong Paul, wat as kind van die veld en, soos hy later self opgemerk het, veewagter opgegroeï het, hoofsaaklik deur sy vader opgevoed. Tyd of geleentheid vir skoolgaan was daar nie (sy enigste skoolonderrig het drie maande geduur!), maar hy het 'n helder verstand gehad. Sy enigste leerboek was die Bybel en sy intieme kennis van die Skrif het hom dwarsdeur sy lewe bygebly.

In 1835 het die Krugers die Kaapkolonie verlaat en by die trek-geselskap van Hendrik Potgieter aangesluit. Met die Slag van Vegkop op

16 Oktober 1836 ontvang Paul Kruger, toe so pas elf jaar oud, sy eerste vuurdoop. Hy aanskou ook later die moordtonele by Bloukrans en Moordspruit. Saam met Potgieter verhuis die Krugers in Desember 1838 na Wes-Transvaal.

In die distrik Rustenburg het Paul Kruger die plaas Waterkloof uitgesoek waar hy sedert 1841, met die uitsondering van kort tussenposes, vir ongeveer 30 jaar gewoon het. In 1842 is hy met 'n Vrystaatse nooi, Maria du Plessis, getroud. Kruger het die vertroue van sy medeburgers gewen en in dieselfde jaar is hy as Assistent-veldkornet vir sy wyk gekies.

In 1845 vergesel Kruger sy vader na die oostelike Transvaal waar die dorp Ohrigstad gestig is. Menige jagavontuur het hy hier meegemaak. Hy beweer self dat hy gedurende sy lewe tussen dertig en veertig olifante, vyf seekoeie en vyf leeus geskiet het. By een geleentheid het 'n renoster hom byna verpletter. By 'n ander geleentheid het hy en 'n buffel wat hom bestorm het in 'n poel modderwater beland en in erg gehawende toestand van mekaar ontslae geraak. Op 'n keer het hy in die Ohrigstadse omgewing op 'n renoster gevuur; die geweer het gebars en die voorste deel van sy duim het in die slag gebly.

Toe die betekenisvolle jaar 1852 aanbreek, het Kruger, wat reeds die breedgeskouerde voorkoms van die latere President begin vertoon en oor besondere liggaamskrag beskik het, Veldkornet van die Rustenburgse distrik geword, 'n besonder belangrike amp vir daardie tyd. In dieselfde jaar vergesel hy Andries Pretorius met ongeveer driehonderd burgers na Sandrivier, waar die Sandrivier-Konvensie onderteken is.

Die moedige Kruger was op hierdie stadium egter nog nie bestem vir 'n politieke loopbaan nie; daarvoor was hy nog te jonk, te voortvarend en ietwat heftig van natuur. In die winter van 1852 vergesel hy kommandant-generaal Potgieter met 'n kommando om die Bapedi-kaptein, Sekwati, te straf vir veediewery. Skaars was hierdie sending agter die rug of die rustelose Kruger vergesel kommandant Scholtz op 'n strafekspedisie teen die Bakwena-kaptein, Sechele. In 1854 vind die Makapan-episode plaas. Kommandant-generaal Piet Potgieter is naby die ingang van die grotte waar Makapan en sy onderdane geskuil het, dodelik getref. Kruger het oor die verskansing gesprink en ten spyte van geweervuur van die kant van die naturelle, die lyk van die groot swaar man na buite gedra. Dit was op hierdie tydstip, dit wil sê einde 1853, of begin 1854 dat Kruger verhef is tot Kommandant.

Hierna het Kruger met staatsake begin kennis maak. Hy was as gevolg van sy posisie as Kommandant gemoed met die godsdienstige twis, het gehelp met die opstel van 'n konstitusie vir die Republiek en het 'n groot rol gespeel in die Burgeroorlog (1861-1864), waartydens die grondslag van sy toekomstige grootheid gelê is. Sy konstitusionele en ferme optrede tydens die stryd het hom die sentrale figuur in die Republiek gemaak. Reeds in 1863 is hy gekies as Kommandant-generaal van die Zuid-Afrikaansche Republiek; 'n belangrike mylpaal in sy lewe.



In 1858 ontmoet hy Rustenburg se nuwe predikant, ds. Dirk Postma, afkomstig van die Gereformeerde Kerk in Nederland. Hierdie predikant het Kruger se geestelike lewe baie verryk. In 1859 het die Gereformeerdes van Rustenburg, onder leiding van Kruger en ds. Postma, hulleself tot 'n aparte kerkgenootskap, onafhanklik van die Nederduitsch Hervormde Kerk, die destydse Staatskerk, omvorm. Alhoewel 'n „Dopper”, was Kruger altyd verdraagsaam teenoor andersdenkendes.

T. F. Burgers is in 1872 tot President van die Zuid-Afrikaansche Republiek verkies. Hy en Kruger, wat aangebly het as Kommandant-generaal, kon nie goed met mekaar oor die weg kom nie. Kruger was veral gekant teen Burgers se godsdienstige liberalisme. Dit is moontlik een van die redes waarom Kruger nie die veldtog teen Sekoekoeni in 1876 gelei het nie, maar wel Burgers self. In 1877 word die Transvaal egter deur Shepstone geannekseer en dit was die einde van die Burgers-regime.

Nou het Paul Kruger as die toekomstige President na vore begin tree. Soos in die verlede, sou hy sy volk deur 'n krisistyd lei. In 1877 is 'n deputasie onder leiding van Kruger (as lid van die Uitvoerende Raad) en dr. E. J. P. Jorissen na Londen ten einde die anneksasie ongedaan te maak. In 1878 vertrek hy op 'n tweede en soortgelyke sending na Londen. Niks word bereik nie en in Januarie 1879 het die deputasielede te Wonderfontein byeen gekom om verdere aksie in oënskou te neem. Op 8 Desember 1880 kom die burgers van Transvaal by Paardekraal byeen en word besluit om na die wapen te gryp om 'n einde aan die onregverdige anneksasie te maak. 'n Voorlopige regering onder die sg. Driemanskap word gevorm, bestaande uit Paul Kruger (die leier) as Vise-president, Piet Joubert as Kommandant-generaal en oud-president M. W. Pretorius. By Laingsnek, Ingogo en Majuba word die Engelse beslissend verslaan en die Transvalers het hulle Republiek terug, alhoewel onder susereiniteitsregte van die Britse regering.

In die begin van 1883 word Kruger met 'n oorweldigende meerderheid verkies tot Staatspresident van die Republiek. Moeilike jare het voorgelê: jare van uitbouing van die Republiek, maar ook van stryd teen die nuwe imperialisme van Brittanje wat graag die hele suidelike Afrika onder Britse heerskappy wou plaas. Veral na die ontdekking van goud in 1886 aan die

A handwritten signature in black ink, reading "P. Kruger". The signature is highly stylized and cursive, with a large, prominent initial "P" and "K".

Witwatersrand, toe vreemdelinge op Johannesburg begin toesak, het 'n nuwe interne vraagstuk, naamlik dié van die Uitlanders, met hulle eise (veral om stemreg) en griewe, na vore getree.

President Kruger se groot teenstander was die geldmagnaat Cecil Rhodes. Dit was 'n stryd tussen die imperialisme (van Rhodes en ander) teen die nasionalisme van Kruger. Laasgenoemde moes alles in die stryd werp vir die behoud van sy Republiek. Maar die Wingerd van Nabot was 'n beegerlike buit en die Republiek is sistematies ingesluit en soos in 'n ystertang deur Britse gebied omring.

Kruger het die land noord van die Limpopo opgeoffer ter wille van die moontlike verkryging van 'n onafhanklike seehawe aan die Ooskus, maar ook dit het 'n ydele droom gebly. Om kontak met die blouwater te verkry, sonder om afhanklik van Britse hawens te wees, is die Pretoria-Delagoabaai-spoorweg, die sg. Oosterlyn, op 1 Januarie 1895 vir verkeer oopgestel. Maar die Republiek is ook nou in die internasionale politiek betrek. Portugal, Duitsland en Engeland het almal belange in suidelike Afrika gehad. Die verhouding Engeland-Duitsland was stroef en die spanning is verhoog deurdat Kruger die vriendskap van Duitsland gesoek het. Op 26 Januarie 1895 woon die President 'n feesmaal ter ere van die verjaarsdag van die Duitse Keiser, Wilhelm II, by en steek 'n toespraak af wat nie as oordeelkundig beskou kan word op 'n tydstip toe die verhouding tussen Engeland en Duitsland reeds gespanne was nie.

Einde 1895 volg die Jameson-komplot waarin selfs hooggenlaaste Britse staatslui betrokke was. Dit was egter nie 'n geleë tyd vir Rhodes om 'n inval in die Transvaal te loods en op die daadwerklike steun van die Uitlanders staat te maak nie. Die inval het misluk en Kruger het groter internasionale aansien verwerf. 'n Telegram van gelukwensing van die voortvarende Duitse Keiser aan Kruger was egter niks meer as 'n gebaar nie en het die Republiek onder die wanindruk gebring dat hy in die toekoms op Duitse steun teen Engeland kon reken.

Na die inval het die spanning tussen Kruger en die Britse Minister van Kolonies, Chamberlain, toegeneem. Laasgenoemde het die saak van die Uitlander-stemregeise opgeneem en 'n *dépêche*-oorlog tussen dié twee staatsmanne het gevolg. Briewe het soos konfetti op Pretoria, die Republikeinse hoofstad, neergereën. Boonop het die stryd tussen Pretoria (wat die Regering en Boerevolk verteenwoordig het) en Johannesburg (waar die Uitlanders gekonsentreer was) voortgeduur. Die wolke het begin saampak en 'n oorlog het onvermydelik blyk te wees. Boonop was die President nie geskoold in die internasionale politiek nie. In hierdie verband was dr. W. J. Leyds altyd sy regterhand.

Die koue oorlog het voortgeduur en die President het opmerklik oud begin lyk. Om alles te kroon kon die vyandiggesinde lord Milner in 1897 as Hoëkommissaris na Suid-Afrika. Op 10 Februarie 1898 word Paul Kruger vir die vierde agtereenvolgende keer as President verkies en op 31 Mei 1899 ontmoet hy en Milner mekaar op Bloemfontein. Laasgenoemde

het feitlik op oorlog afgestuur en Kruger het dit geweet. Droefgeestig het hy van die mislukte konferensie na Pretoria terugkeer.

Die oorlogswolke het verder saamgepak: meer Britse troepe het na Suid-Afrika gekom, die omsingeling van die Republiek was voltooi en die staalband om Transvaal sou nou meedoënloos nouer getrek word. Al uitweg was 'n ultimatum, wat op 5 Oktober aan die Britse Gesant, Conyngham Greene, oorhandig is. Dit het hoofsaaklik gegaan oor die verwydering van Britse troepe. Op Woensdag, 11 Oktober, het elke Landdros in die Republiek 'n telegram ontvang met die woord: OORLOG.

In Mei 1900 het Johannesburg oorgegee. Die vyf-en-sewentigjarige President, wie se gesondheid reeds veel te wense oorgelaat het, het Pretoria verlaat. Op 10 Oktober 1900 het hy te Lourenço Marques sy vyf-en-sewentigste verjaarsdag herdenk. Met die Nederlandse skip, die Gelderland, het die President op 23 November die hawe van Marseille binnegevaar. Na vele omswerwinge het die President sy intrek geneem in 'n huis te Clarens, Switserland. Intussen het die bedroewende nuus gekom: sy vrou is op 20 Julie 1901 oorlede en die twee Republieke is op 31 Mei 1902 te Vereeniging begrawe.

Sy „Laaste Boodskap” is deur sy ou regterhand, dr. W. J. Leyds, bewoord. Dit was sy „politieke testament” en is die laaste dokument wat deur homself onderteken is. In die vroeë oggendure van Donderdag 14 Julie 1904 het die President sy laaste asem uitgeblaas nadat hy sewentien jaar geregeer het en in die nege-en-sewentigste jaar van sy lewe was. Die stoflike oorskot is na Pretoria, sy geliefde hoofstad, gebring. Op 16 Desember 1904 het die plegtige teraardebestelling in die Ou Kerkhof te Kerkstraat-Wes, Pretoria, plaasgevind.

. . . . Op Krugerdag 1954 het sy standbeeld, skepping van die beeldhouer, Anton van Wouw, omring deur sy vier brandwagte, sy regmatige plek ingeneem op die Kerkplein van die Krugerstad — 'n monument vir die verre nageslag.

— Dr. J. I. RADEMEYER.

*STAATSPRESIDENT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA*

C. R. SWART



STAATSPRESIDENT C. R. SWART

CHARLES ROBERTS SWART is op 5 Desember 1894 op die plaas Morgenzon, distrik Winburg, O.V.S., gebore. Nog twee voormalige staatshoofde, president Marthinus Theunis Steyn van die Oranje-Vrystaatse Republiek, en hoofregter Jacob de Villiers, eenmaal Waarnemende Goewerneur-generaal van die Unie, was seuns van Winburg, asmede die Boere-generaal J. H. de la Rey.

Die jonge Swart was nog nie volle vyf jaar oud nie toe die Anglo-Boere-oorlog uitbreek het. Die ondervindinge van die oorlog het 'n diepe indruk op hom nagelaat. Een van sy pynlikste herinneringe dagteken uit die jaar 1904, toe twee Boere wat tydens die oorlog „National Scouts” geword het, in die kerk op Winburg belydenis van hul verraad gedoen en hul mense om vergifnis gevra het. Die smaad en verdriet van hul belydenis het mnr. Swart dwarsdeur sy lewe bygebly en hom daarvoor gehoed om ooit iets te doen wat hy nie met sy eer en sy gewete kon versoen nie. Nog 'n voorval uit sy jongelingsjare het hom die mensevrees laat verloor en hom gestaal om onder teenspoed en ramp aan sy volk getrou te bly. Dit was sy opsluiting in die gevangenis op Ficksburg in 1914, toe hy daarvan verdink was dat hy met die Rebelle in verbinding was. Van hom is op straffe van fusillering geëis om inligtinge oor die Rebelle te gee. Hy het geweier en gedoen wat reg was volgens sy beginsels. Die lesse van hierdie twee voorvalle het rigsnoere van sy lewe gebly.

Ofskoon die seun eers op sewejarige leeftyd skool toe kon gaan, het

hy die Matrikulasie-eksamen voltooi toe hy nog maar dertien jaar oud was, en nadat hy 'n jaar gaan werk het, die graad B.A. behaal voordat hy agtien jaar oud was. Hy het twee jaar onderwys gegee en daarna die graad LL.B. met buitemuurse studie behaal onderwyl hy die amp van Sekretaris van die Vrystaatse Raad van Eksaminatore beklee het. In 1919 is hy as advokaat toegelaat en ook as Sekretaris van die Nasionale Party in die Vrystaat aangestel.

Reeds in 1920 het hy sy vuurdoop in die politiek deurgemaak toe hy as kandidaat vir die Provinsiale Raadsetel Bloemfontein-Wes, gestaan het. In 1921 het hy 'n reis deur die Verenigde State gedoen, in New York 'n kursus in die joernalistiek gevolg en 'n tydperk in Hollywood as filmakteur gespeel. In 1923 het hy Volksraadslid vir Ladybrand geword en was ses jaar lank die jongste lid van die Raad. Hy het, met 'n onderbreking tussen 1938 en 1941, Volksraadslid gebly totdat hy in 1959 as Goewerneur-generaal van die Unie benoem is. Ampte van die Volksraad wat hy beklee het, was Hoofswep van die Nasionale Party en later Leier van die Raad. Die onderbreking van sy lidmaatskap was die gevolg van die politieke samesmelting tussen die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party. Hy het nie daarmee saamgegaan nie, maar die sogenoemde „Gesuiwerde” Nasionale Party getrou gebly en dit uit die neerlaag met andere weer opgebou totdat dit in 1948 die algemene verkiesing gewen en landsregering geword het, waarin adv. Swart van 1948 tot 1959 Minister van Justisie was, en in die laaste jare ook Adjunk-Eerste Minister. Van 1940 tot by sy uittrede uit die politiek was hy Leier van die Nasionale Party van die Vrystaat en ampsdraer in die uniale bestuursliggame van die party, asook direksielid van die Nasionaalgesinde persmaatskappye, die Nasionale Pers en die Voortrekkerpers.

Toe hy hom die eerste keer as kandidaat vir 'n Volksraadsetel aangemeld het, het adv. Swart sy kiesers meegedeel dat hy republikein is en hom vir die verkryging van 'n republiek sal beywer. Hierdie strewe het hy deur moeilike omstandighede gehandhaaf totdat die lewenstaak wat hy hom ten opsigte hiervan gestel het, op 31 Mei 1961 bekroon is met sy inswering as eerste Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika.

Onder die groot hoeveelheid werk wat mnr. Swart as Minister van Justisie gedoen het, kan die volgende genoem word: afskaffing van die

appèl na die Britse Geheime Raad; die instelling van streekhowe; die herstel van die benaming landdros; die verbod op sportpoele; die wette op ontug, veediefstal, aparte geriewe en die onderdrukking van die Kommunisme, asook die wette op openbare veiligheid en strafregwysiging, waardeur die versetsbeweging die nekslag gekry het. Hy het tewens 'n nuwe bedeling vir die polisie en die gevangenisdiens ingelui. Die regterlike eed van gelyke en onpartydige regspraak is in ere herstel; die kenbronne van die Romeins-Hollandse reg, wat deur die toepassing van Engelse reg van liewerlee al hoe meer op die agtergrond gedring is, is vir die regsberoep toeganklik gemaak; en adv. Swart het ook voorsiening gemaak dat wette wat nog in Nederlands opgestel was, in Afrikaans oorgesit word.

Hy het hom vir die Afrikaanse taal, kultuur en volksake sy lewe lank ingespan. Reeds in 1913 het hy sy eerste toespraak ter verdediging van die Afrikaanse taal gelewer en 'n taalfees georganiseer. Hy was medestigter van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge en die Voortrekkers, asook dryfkrag agter die aankoop van Voortrekkerleier Sarel Cilliers se woonplaas, Doornkloof, vir die Vrystaatse Voortrekkerbeweging. Die Voortrekkers het hom met die Ere-orde en 'n Erepennig vereer. Hy het die nakoming van tweetaligheid deur Provinsiale Administrasies en Stadsrade verpligtend gestel. As die eerste Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap het hy geld bewillig vir navorsing oor die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog. Verskeie universiteite het eredoktorsgrade aan hom toegeken; hy is benoem tot erelid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; en vir sy alma mater het hy hom deur die jare heen dermate beywer dat hy tot Kanselier van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat gekies is.

Beginselvastheid, doelgerigtheid, vriendelikheid teenoor mede- en teenstanders en 'n vrolike hart is die vernaamste karaktertrekke van president Swart. Dit het hom bemind gemaak en allerweë agting gewek.

Hy is op 2 Desember 1924 getroud met Cornelia Wilhelmina de Klerk, 'n Winburgse dogter. Hul kinders is Dalena (mev. J. G. Visser) en Herman. Daar is talryke kleinkinders. Seun Herman is boer. Daarin aard hy na vader en moeder, wat tot vandag toe hul gelukkigste dae het wanneer hulle op hul plaas De Aap, naby Brandfort, kan wees.

— JANNIE KRUGER.



C. A. Swart
— S.P.

Genootskap Oud-Pretoria

(Gestig: 22 Maart 1948)

Ons doel: Om te waak oor die
geskiedenis van ons stad en
distrik.

Association Old Pretoria

(Founded: 22 March, 1948)

Our aim: To preserve the past for
the future of our city and
district.

BESTUUR:

Ere-President — RAADSLID/COUNCILLOR — *Honorary President*
J. F. BECKER
DIE BURGEMEESTER VAN PRETORIA/THE MAYOR OF PRETORIA
Voorsitter — DR. N. A. COETZEE — *Chairman*
Ondervoorsitter — PROF. DR. P. C. COETZEE — *Vice-Chairman*
Penningmeester — DR. G. RISSIK — *Treasurer*
Sekretaris — ADV. D. G. VAN DER BIJL — *Secretary*
Hulpsektaris — PROF. DR. F. J. DU TOIT SPIES — *Assistant Secretary*
Redakteur — MNR./MR. H. M. REX — *Editor*
Argivaris — DR. M. C. VAN ZYL — *Archivist*
Bykomende Lede — PROF. DR. F. C. L. BOSMAN — *Other Members*
MNR./MR. C. A. CILLIERS
MNR./MR. J. H. HATTINGH
MNR./MR. J. P. LOTZ
MNR./MR. W. S. ROBERTSON
MNR./MR. E. DE V. STEGMANN

Redaksiekomitee/Editorial Committee: DR. N. A. COETZEE, MNR./
MESSRS. H. M. REX & W. S. ROBERTSON & PROF. DR. F. J. DU TOIT SPIES

Bydraes moet asb. gestuur word aan: Mnr. H. M. Rex, Kerkargief, Dirk van der
Hoffgebou, Jacob Maréstraat 224, Pretoria.

Contributions to be sent to: Mr. H. M. Rex, Kerkargief, Dirk van der Hoff Building,
224 Jacob Maré Street, Pretoria.